# *Die Thiatíriese Kerktydperk*

Nou vanaand ons. . .Net voordat ons in hierdie groot kerktydperk ingaan. . .Ek—ek hoop net ons Here stort Sy Gees uit op ons net. . .en seën ons weer. En ons kan net die hoogtepunte nou aanraak omdat, in die groot geleentheid wat kom, sal ons die hele week lank hier wees. En, o, gisteraand het ons so 'n wonderlike tyd gehad!

2 Wel, nou net voor ons die Skrifte lees, kan ons net ons—ons posisie verander vir 'n paar oomblikke en staan vir 'n woord van gebed:

3 Ons genadige Hemelse Vader, ons kom in die algenoegsame Naam van die Here Jesus, in die wete dat U eendag sal kom. En ons probeer om die harte van die mense voor te berei om hierdie groot openbaring te ontvang dat U die lewende Seun van God is; nie dood nie, maar lewendig vir altyd; en lewendig in U Kerk as die Getuie van Pinkster, van daardie groot tyd, wanneer die tyd van verfrissing sou kom vanaf die Teenwoordigheid van die Here. Ons is so bly om daardie tye hieronder te geniet na negentienhonderd jaar.

4 En, Vader, ons buig nederig ons hoofde uit respek aan hierdie groot manne deur die eeue, daardie sterre wat U in U hand gehou het, wat U gesê het: "engele van die Kerktydperke" was, die predikers. Hoe ons U dank vir die groot Sint Paulus, van Éfese. Hoe ons U dank vir Irenaeus, O Here, Irenaeus, die groot dienaar van U; en vir Sint Martin; en vanaand vir Sint Columba. Here, hoe ons U dank vir hierdie manne. Te midde van donker Roomsheid, heidensheid wat in die kerk ingekom het, het hulle dapper gestaan vir die Pinksterboodskap en seëning, praat in tale, en—en groot tekens en wonders, en genesing van die siekes, en die opwekking van die dooies.

5 Baie van hulle, Here, is uitmekaar geskeur, en doodgemaak, en gevoer vir leeus; groot dinge het plaasgevind. Die aarde is gebaai in die bloed van die regverdiges. En, Vader, hulle bloed roep uit vandag teen daardie bose, owerspelige kerk. En U het gesê, eendag toe U uitgestort het. . . "Die engel het sy skaal daarop uitgegooi, en die—die bloed van elke martelaar is daarin gevind."

6 Here, help ons om te hê. . .gereed te wees om nou te staan, want die tyd kom nader. Soos ons hierdie twee-horing-dier sien opkom het uit die aarde, nie uit die digtheid en menigte van mense nie: "Met horings soos 'n lam, maar dit het gespreek soos die draak." Ons glo daardie uur is baie naby nou, Vader, wanneer hierdie kerke hulleself saam konfedereer: "'n Beeld vir die dier maak"; en dit sal verskriklik vir daardie groep wees, Here, wat

nie sal aansluit nie. Die einste boikot sal kom, maar in daardie uur het U belowe om U Kerk weg te neem. Help ons, Here.

7 Voor een druppel water geval het, was Noag in die ark. Voor die vuur Sodom getref het, was Lot weg. Vader, ons glo, voor die atoomkragte ooit hierdie aarde stukkend skiet, sal die Kerk weg wees. Ons is so bly, Here. En, ons weet dat die bomme in die loodse hang, vanaand.

8 En ons kan na die Hemel toe kyk en die Seun van die mens van Sy Troon af sien opstaan om na die aarde toe te begin kom vir die Wegraping van Sy Kerk, en weet dat Sy kosbare voete nie hierdie sondige aarde sal raak op daardie tyd nie; want soos Rebekka op die kameel gery het en van die kameel afgespring het, reg tussen die huis van Abraham, buite in die veld, het sy haar bruid ontmoet. O God, en die Kerk sal ons Bruid in die lug ontmoet: "Want ons wat in die lewe oorbly sal hoegenaamd nie die ontslapenes vóór wees nie. Die basuin van God sal blaas, dié wat in Christus gesterf het sal eerste opstaan, en ons sal saam met hulle weggevoer word die Here tegemoet (in die veld) in die lug, en altyd by Hom wees."

9 O, help ons, vanaand, Here. Gee ons soetheid van ons Geeste, en neem alle bitterheid en onverskilligheid weg van ons, en mag ons so saamgesmelt wees met die Heilige Gees. Laat die Engel van God vanaand regeer.

10 Here, ek weet nie wat om vir hierdie mense te sê nie. Nou, ek het die geskiedenisse en dinge neergeskryf van wat U gedoen het, maar dit verg U om die toekoms uit te lê, so ek bid dat U dit sal skenk deur Jesus Christus se Naam. Amen.

11 Nou laat ons nou blaai na die Boek van Openbaring. En ons is vanaand op die kerktydperk van. . .Die vierde kerktydperk, Thiatíre, groot kerktydperk bekend as die Donkereeu. Hierdie kerktydperk begin in 606 en het dan geëindig in 1520. Ek. . .Was al wat ek kon doen, dit uitsoek. Baie geleerdes neem—neem Sint Patrick as die ster van die. . .elke. . .

12 *Sewe* sterre was die "sewe engele" van die Sewe Kerktydperke. Ons weet môre-aand, sonder 'n twyfel, Luther; en dan Wesley. Ons weet nie wie hierdie Laodicése kerkster sal wees nie. Dis. . .Ons is in die tydperk nou, was vanaf 1906 aan die begin van Pinkster. Maar daar sal 'n engel opstaan wat al die leerstellinge sal uitdoof, die Kerk gereed sal kry om Huis toe te gaan. Nou, een of ander meester van—van. . .in Gees, wat sal opstaan met tekens en wonders. Nou, ek bid dat God ons sal help om dit te weet.

13 Met die uitsoek hiervan, aan die deurkyk, Sint Patrick was 'n groot kêrel. En deur van die ou antieke manuskripte te kry, Sint Patrick was nie 'n Katoliek nie. Hy het geprotesteer teen die Katolieke kerk. En gedurende die tyd van die Hervorming, is daardie leerstelling wat hulle gehad het opgegrawe, en bewys

dat Sint Patrick geprotesteer het teen die Katolieke kerk. Daardie . . . Sint Patrick was meer soos 'n organisasie man, hy het sy eie skool gehad. Hy eers . . . toe hy op die seestrand gevange geneem is, hy, en sy twee sustertjies waarvan hy nooit weer gehoor het nie. Hulle is weggeneem, waarskynlik na Rome en verkoop as slavinne. Hy is ook gevange geneem en verkoop as 'n slaaf en is 'n werk gegee om varke op te pas.

14 Hy het honde afgerig om sy varke op—op te pas, ensovoorts; en hulle sou kom na verskillende gromme en dinge wat hy die honde sou gee. En dit was uiteindelik 'n manier van ontsnapping, onder op die bodem van 'n boot, toe die honde hom bedek het totdat hy kon uitgaan op die see. Later by sy eie pragtige plek uitgekom, Ierland, en sy moeder en vader gevind, wat toe nog gelewe het. En Sint Patrick was 'n—'n susterskind van die groot Sint Martin.

15 Wat, een van die grootstes was wat ons ooit gehad het in die lyn van manne sedert Jesus Christus, was Sint Martin. Sy kerke was almal gevul met die Heilige Gees, hulle het almal gepraat in tale, het tekens en wonders gehad, en wonderwerke, net allerhande wonderwerke wat plaasgevind het. Hy het die Pinkstergeloof behou te midde van daardie kerktydperk wat aan die trou was met Katolisisme; heidendom en die Nikolaïete wat getrou het, 'n organisasie gemaak het. En die—die Nikolaïete gemaak . . . Wat ons hulle noem *Niko*, beteken "om te oorwin." "Die lekedom te oorwin of te onderwerp," en die Heilige Gees weg te neem van die gemeente, en "net die priester is heilig, net die man." Sien? En dan lewe hulle op enige manier wat hulle wil, reken ek, en net solank jy dit bely aan die priester. Dan hulle . . .

16 Gisteraand gevind, dat—dat hulle hulle opgestel het, dat Konstantyn die eerste biskop opgestel het, en dit gesit . . . hierdie geboue vir hulle gegee het, soos ons vir julle die datums en alles gegee het wat julle neergeskryf het. En toe het hulle die groot sonstilstandfees daar gehad, wat die 21ste dag van Desember was, die kortste dag van die jaar. En toe hierdie kettery ingebring, as, dat Hy die "son dag" was. Sien, die—die dag van die sonverjaarsdag, hulle het die geboorte van Jesus Christus gebring van April na Desember, die 25ste.

17 25ste Desember. Deur daardie vyf dae, was wanneer die Romeine hulle groot feesvieringe gehad het, die sirkus, ensovoorts, en dis wanneer hulle hierdie groot heidense fees gehad het. En hulle het hierdie man self as 'n god daarbo geplaas, en hom aangetrek en alles. En hulle het hulle god reg by hulle gehad. En die . . . dis toe die postmillennium mense ontstaan het, net daar, want hulle het gedink die kerk was in die Millennium, net daar. Sien, want hulle was ryk, het niks nodig gehad nie, staat en kerk alles bymekaar. "Millennium is aan," is steeds 'n Katolieke leerstelling tot hierdie dag toe. Sien? Nou: "die Millennium aan," want ons weet dat dit verkeerd

is. Die Millennium: die Tweede Koms van Christus bring die Millennium. Dis reg.

> Die aarde sug, roep uit vir daardie dag van soete uitkoms,
> Wanneer ons Heer weer na die aarde sal terugkeer.

18 Nou, hierdie groot heilige hier, was Columba. Hy was 'n groot man van God.

19 Nou, ek het sy geskiedenis soort van neergeskryf hier. Eerstens, die vierde kerktydperk, *Thiatíre*, dit beteken om "laks, los," of: "wasig," te wees. Sien? Dit was net 'n buite-egtelike tyd vanaf 606 tot 1500.

20 Die ster was Columba, van Ierland en Skotland, wat 'n susterskind van Sint Martin was; en omtrent sestig jaar na Sint Patrick gelewe het, en so het sy bediening omtrent sestig jaar na Sint Patrick begin. Sy . . .

21 Hy het nooit die Roomse doktrine aanvaar nie. Hy was 'n groot man van geloof. Hy het die Roomse leer verwerp; het nooit na Rome gegaan nie, en dit heeltemal verwerp. Is, ek kon nie sien waar hulle hom ooit heilig verklaar het nie. Soos hulle het met Sint Martin en hulle, het hulle nie vir hom en Irenaeus heilig verklaar nie, omdat hulle steeds in daardie Kerk was wat tekens en wonders van Pinksters in gehad het, maar geglo het. Hy het nooit die Roomse leer, van hulle leerstellinge aanvaar nie. Hy het die Bybel geneem volgens die leer van sy goddelike moeder, die suster van Sint Martin, en nooit die Roomse leerstellinge op enige tyd aanvaar nie. Hy het geleer dat die tekens van Markus 16 elke gelowige moes volg. Amen! Ek . . . Dis die soort kêrel waarvan ek hou; glo. Ja, meneer.

22 Hy—hy het God se hoorbare Stem hoor roep. Dis nog 'n goeie teken vir hom, sien. Toe kon niks hom daarna stop nie, hy was weg, uh-hum, uh-huh, hy was op die pad toe hy die hoorbare Stem van God gehoor het.

23 Een wonderwerk . . . Ek het verskeie geskry- . . . hieronder, maar as ons net hierdie een neem. Een wonderwerk was dat, toe hy na 'n sekere stad toe gegaan het waarheen die Here hom gestuur het, en die stad hom nie wou ontvang nie, so hulle het daar uitgegaan en probeer om . . . die musikante geneem, ensovoorts, en die poorte gesluit en hom probeer uitdoof met die spelery, die musikante. En hy het begin preek, en dit het die musikante uitgedoof en die poorte het oopgegaan, hy het ingegaan, in elk geval gepreek. Hy het die hele klomp bekeer.

24 Hier's nog 'n kleintjie waarvan ek net soort van wil praat. Hy het in 'n stad ingegaan. Hulle het hulle stede ommuur gehad in daardie dae, natuurlik. So hy het na die stad toe gegaan, en hulle het hom weggewys. Hy het weggegaan, en die hoofman se seuntjie het baie siek geword, en hulle het agter die goeie heilige

aangestuur in die pad af. Hy het teruggekom en homself oor die sterwende seuntjie gelê, en hy het lewendig geword.

25 Sy kerk was vervul met die Heilige Gees, hy sou niks anders toelaat nie, want elke lidmaat van sy kerk moes gevul wees met die Heilige Gees. En hy het geprotesteer teen, en die hiërargie van Rome vuriglik gehaat. Ek glo hy was die ster van die tydperk. Wat het hy gedoen? Met praat in tale, die doop in die Naam van die Here Jesus, die einste dinge uitgevoer wat hulle begin het. As die God oneindig is, en dis die manier wat Hy Sy Kerk opgestel het aan die begin, moet dit dieselfde bly, soos dit het (selfs in die minderheid) die heelpad deur; amper *hier* uitgedruk, weer teruggekom deur Luther.

26 Nou, ons wil nou begin, en kyk of ons kan begin om van hierdie verse nou klaar te maak, by. . .ons sal begin by die 18de vers:

*. . .aan die engel van die gemeente* van *Thiatíre*. . .

27 Het julle hierdie—hierdie aanhefte opgelet? Hierdie boodskappe is gerig aan die engel, of die prediker wat die Lig van daardie kerktydperk dra. Sien? Nou, gisteraand het ons uitgevind, in die afsluiting van hierdie ander kerktydperk van—van Pérgamus, dat die engel van die kerk (in die oorwinning van hierdie kerktydperk) ’n keursteen sou ontvang. En in hierdie keursteen. . .

28 Nou, ons het daardie “keursteen” geneem en gesimboliseer, dit beteken ’n “rots.” Wat is dit? Die engel sou een soos Petrus wees, wat “rots” genoem is.

29 Vind uit dat jou naam ’n uitwerking op jou lewe het. Nou, ek kan nie te veel daarop ingaan nie, want die duiwel het ’n vals getalleleer; ons weet dit; laat mense begin *voel*, ensovoorts soos daardie, wat oorgaan in spiritualisme. En spiritualisme is van die duiwel. Ons weet dit. En dis hoe, jy moet dophou. Soos hulle. . .

30 Die rede waarom hulle Jesus ’n “Beëlsebub” genoem het, ’n “duiwel,” omdat, julle sien, Hy die gedagtes van hulle hart kon onderskei. Sien, maar Hy was die Woord van God. En Hebreërs 4 het gesê: “Die Woord van God, skerper as ’n tweesnydende swaard, selfs die onderskeier van die gedagtes van die oorlegginge van die hart, die verstand.” Sien? So, Hy was die Woord, Hy’s die lewende Woord, en die lewende Woord kom in ons in en dan het Dit dieselfde effek op ons. Sien, dieselfde, want Dis dieselfde Woord. Sien, Dis dieselfde ding onder ons. En dit is hoe. En partykeer praat sommige, wat nie in daardie kategorie is nie, in tale, en ’n ander een lê dit uit. Wat is dit? Die Woord, wat weer vlees gemaak word onder ons.

31 En dan, ons let dan op dat hierdie engel sou ontvang. . .die engel van die kerktydperk wat die “keursteen” ontvang het. Dit was ’n *wit* keursteen, wat beteken, nie sy eie geregtigheid nie, maar “God se Eie geregtigheid.”

32 En in hierdie keursteen was "'n naam," 'n naam wat niemand geken het, behalwe die een wat dit self ontvang het nie. Hy het dit geken, maar niemand anders kon dit ken, behalwe hy nie. So, wanneer jy hierdie kêrels jou hoor vlei, hulle s'n sê; hulle is "Johannes," hulle is "Paulus," hulle is "Maria," hulle is "*dit*," "*dat*," of die "*ander*." Moet dit nie glo nie, want as dit was, sou hy nooit enigiets daaroor gesê het nie. Sien? Dis reg. Hy moet dit vir homself hou. Hy het geweet. Niemand het dit geken, behalwe hyself nie, maar hy het geweet, want elke volmaakte oorwinnaar ontvang 'n nuwe naam op daardie—daardie—daardie manier.

33 Het julle opgelet Abraham was Abram genoem, maar toe God hom begin gebruik het, het Hy sy naam verander na "Abraham." S-a-r-a-i was Sarai, maar toe God haar sou gebruik, het Hy haar naam verander na S-a-r-a: *Sara*: "prinses." Het julle geweet dat Jakob . . . ? *Jakob* was "onderkruiper." *Esau* beteken "rooi," harig en rooi; rooikop, en heeltemal rooi, is Esau. Nou, en *Jakob* was "onderkruiper." En *onderkruiper* is 'n "bedrieër." Het Esau nie gesê: "Is sy naam nie *Jakob*: 'onderkruiper' nie?" Maar toe hy heelnag lank met God geworstel het, en oorwin het, en geseën is, het God sy naam verander; Jakob na *Israel*: "'n prins by God." Paulus is *Saulus* genoem tot hy die Heilige Gees ontmoet het in die vorm van 'n Lig wat op hom afgeskyn het, sy naam is verander van Saulus na "Paulus." Simon, toe hy Jesus ontmoet het, het Hy sy naam verander na "Petrus." Dit . . .

34 En toe Jesus oorwin het, is Sy Naam verander. En Hy sou daardie Naam openbaar: "Hy wat by Hom sou wees, sou oorwin soos Hy het, hy het 'n nuwe naam ontvang; en Ek sal My nuwe Naam aan hom openbaar." Sien? En elke oorwinnaar, ek bedoel, onder diegene: daardie leiers ensovoorts. Nou, al die kinders van Israel se name is natuurlik nie verander nie. Dis reg. Maar daardie hoë leiers, toe hulle oorwin het, het hulle 'n nuwe naam ontvang. Sien hoe dit in mekaar pas? Net volmaak.

35 En nou vind ons uit dat hy ook "verborge manna" gekry het. Nou, verborge manna word getipeer as toonbrood. Die toonbrood was vir die priesters alleenlik. Dit is reg. Toonbrood was net vir die priester. En hulle . . . Dit was iets spesiaals vir die priester, dit is, die leiers; en hierdie het oorwin. Die hele gemeente het manna gekry, maar hy het *verborge* (spesiale) *manna* gekry, of 'n "*spesiale openbaring*," o, van wie Jesus was, of wat van Hom, alles van Hom. Sien, hy het daardie openbaring gekry as hy oorwin het, aan die engel. "Hou vas, want hy wat . . . " Hy het oorwin. Gerig aan die *engel* van die kerk. Sien?

36 Nou, dan vind ons vanaand, ons begin:

> *. . . aan die engel van die gemeente van Thíatire: Dít sê die Seun van God wat oë het* . . . vuurvlamme*, en Sy voete* . . . *soos blink koper*:

37 Nou, wanneer ons Hom sien in die eerste, Éfese Tydperk, of in die eerste begin van Openbaring, sien ons Hom in Sy sewevoudige verheerlikte personasie. "Hare. . ." Ons vind dat Johannes Hom gevind het oorkant in die dag van die Here.

38 Wanneer Hy nou kom, is Hy 'n Priester. Toe Hy hier op aarde was, was Hy 'n Profeet, God se Profeet. Nou het Hy Sy Eie Bloed geneem en voor die Vader gegaan, wat Hom 'n Priester maak. Wanneer Hy terugkom, sal Hy 'n Koning wees. Profeet, Priester, en Koning. Hy was God se Profeet, Hy was 'n Arend. Hy was God se Priester, Hy was 'n Lam. Wanneer Hy terugkom, sal Hy die Leeu wees, die Koning, (die stam van Juda) om te regeer.

39 Maar tussen Sy Priesterlike werksaamheid, wanneer die heiligdom verlaat word, dan vind ons Hom wat daar staan. En Johannes het gesê hy was in die Gees op die "dag van die Here"; nie die sewende dag nie, nie Sondag nie, dis alles verkeerd. Ons het dit uitgevind, dit deur die Skrif gesoek, dit was die dag van die Here. Hierdie is die dag van die mens. Die koms van die Here sal Sy dag wees.

40 En ons vind Hom in die dag van die Here. En, toe hy die Here gesien het, het Hy 'n "sneeuwit hare" opgehad. En ons weet dat dit 'n regter voorstel.

41 Nog iets, Hy was nie toe Priester nie, want die Priester is gegord om die middel, beteken *diens*. Maar hy was om die bors gegord, hier*bo*, wat beteken het Hy was 'n Regter. Amen! En ons het Hom sien wandel tussen die sewe goue kandelaars.

42 En nou het ons teruggegaan na die "Oue van Dae," wat *wit* was by die Wit Troon Oordeel toe Daniël Hom gesien het: "Kom na die Oue van Dae Wie se hare so wit soos sneeu was."

43 Nou: "wit." Die ou Engelse regters af deur die jare, was altyd, wanneer hulle in die oordeelsbank ingegaan het, sou hulle 'n groot wit pruik opsit, sneeuwit pruik, omdat hulle regters was. En Johannes het Hom in die dag van die Here gesien, toe Hy 'n Regter was. Amen!

44 Nou vind ons uit dat "Hy oë soos vuurvlamme gehad het." Daardie oë dan soos vuurvlamme. . . Eens was daardie oë dof met menslike trane. Hulle kon staan en huil oor 'n man wat sterwende was, en in die wete dat, binne die volgende vyf minute sou hy weer lewe; maar net menslike simpatie. Maar agter dit was sulke krag dat hy regdeur 'n man se lewe kon kyk en vir hom sê wie hy was en alles daarvan. Omdat hy nou gekom het in hierdie weerkaatsing van vuur. Oë kan heen-en-weer deur die aarde kyk, en alles sien wat aangaan. Waar sal jy staan in die Oordeelsdag? Jou sondes sal nakend wees voor Hom.

45 En julle sal oplet Hy het gehad: "Uit Sy mond, 'n—'n skerp tweesnydende swaard," wat ons gevind het die *Woord* was.

46 Ons het gesien Sy voete was "blink koper," ensovoorts, wat "Sy fondasie" beteken het. Hy het die parskuip van die wyn van die grimmigheid van Almagtige God getrap, en vertrap en sonde op Hom geneem, en uitgestap, en God behaag. Dis reg. En Sy fondasie is ons fondasie:

> Op Christus, die vaste Rots, staan ek; (het Eddie Peronet gesê.)
> Alle ander grond is dryfsand. (Dis reg.)

47 Nou vind ons hier, elke keer wat Hy 'n kerktydperk teëkom, praat Hy met hom as een van Sy Godheid Name. Nou het ons destyds daar uitgevind, die eerste van al die openbarings is die Godheid (die Oppergodheid) van Jesus Christus: "Ek is Hy wat was, wat is, en sal kom. Ek is die eerste, en die laaste, die Almagtige God." Sien, die eerste openbaring. Johannes het omgedraai om te kyk wat met hom gepraat het. Die eerste ding, het Hy met hom gepraat as . . .

48 Enige koning, wanneer daar met hom gepraat word, sê hy—hy—hy wie hy is; enigiemand. "Ek is *So-en-so* wanneer ek met jou praat, jy ken my nie. Ek is William Branham, ek is *John Doe*," wie dit ook al is.

49 Hy het gesê: "Ek is die eerste en die laaste; Hy wat lewendig was en dood is; en lewe tot in alle ewigheid." O, goeiste! Die Godheid. Hier sien ons Hom in Sy sewevoudige personasie van Sy verheerlikte toestand. In elke kerktydperk benader Hy—Hy hulle in 'n verskillende een van daardie godhede, 'n verskillende een van daardie verheerlikte toestande.

50 Nou, vanaand, kom Hy met 'n vuurvlam. Hy kyk af in Laodicéa . . . of af in Thíatire. Hierdie is die tydperk wat die kerk getroud is met Katolisisme en heidendom, of Nikolaïetisme en heidendom, getroud met mekaar en het gevorm en geboorte geskenk aan die eerste kerk, georganiseerde kerk.

51 En God het gesê dat die *werke* van die Nikolaïete (wat in die Éfesiërs was), oorkant in die—die klein kerkie van Pérgamus 'n "leer" geword het, en gesê dit was "'n leer van Bileam." En Bileam was die een wat Israel geleer het om soontoe te gaan en ontug te pleeg, of hulle het ontug gepleeg met Moab (wat 'n louwarm kerklidmaat was), of die gewone kerk, die groot organisasie. En ons vind uit dat God gesê het, dat Nikolaïtiese leer wat was die . . . neem die . . . al die kerk bo in 'n kerk plaas en dit eenkant sit en dit 'n organisasie maak. Hy het gesê: "Jy haat dit, en Ek haat dit ook." Hy hou net aan sê: "Haat dit! Haat dit! Haat dit!" En dit het in volle swang gekom *hier*. Sien hoe die kerk uitgedruk is, reg *hier* op tot net 'n klein dingetjie, en dis die kerk waarby ons nou is.

52 Nou, in hierdie dag wat hierdie openbaring gekom het, of aan hierdie kerk was, was dit 'n dag wat Rome op die groot klippe van hulle plek gebou het, van hooi en strooi. Maar Hy praat met

hierdie kerk dat "Hy steeds die vuurvlam bly wat afkyk deur die tyd, en Sy fondasie is nie hooi, kaf nie, maar dis 'n soliede, getemperde koper in die vuuroond." Die fondasie is sterk. Ek hou daarvan. Ons weet waar ons staan.

53 Goed:

> *Ek ken jou werke en* jou *liefde en* jou *diens, en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste—laaste meer is as die eerste.*

54 Goed, dit lyk of die kerk amper heeltemal afgesny is, net 'n klein oorblyfseltjie, en hulle het weggekom van die groot geestelike byeenkomste, en het soort van op werke staatgemaak. God wil nie hê ons moet op werke staatmaak nie.

55 Dis 'n—'n teken van organisme. "Ons sal 'n bietjie hout vir Mejuffrou Jones neem. En ons sal *So-en-so* neem, hulle kinders, 'n bietjie klere." En dis goed. Maar, moenie daarop staatmaak nie, julle moet dit nie doen nie. Broer, dit—dit—dis goeie dade; 'n goeie, ordentlike burger sal dit doen. Maar wat dit verg om 'n Christen te wees, is 'n wedergebore ondervinding, die doop van die Heilige Gees. Goed.

56 Weggekwyn, hulle het oorgegaan na werke in plaas van liefde en geloof, die heeltyd meer en meer geword soos dit aangegaan het.

57 Goed:

> Ek ken jou werke. . .Ek ken jou *geloof*, Ek ken jou *lydsaamheid, en*sovoorts. . .

58 Maar nou gaan ons die 20ste vers neem, luister hierna:

> *Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer. . .my diensknegte te verlei en te hoereer en afgodsoffers te eet.*

59 Nou: "vrou." Wat het ons uitgevind verteenwoordig *vrou* gisteraand? Die "kerk." Nou, nou vind ons hier uit dat hulle genoem word "Nikolaïete," "leer van Bileam," en nou het dit gekom by 'n "Isébel."

60 Nou: "Isébel." As julle sal oplet, hierdie is 'n groot geskiedenis. Nou, as julle dit wil neerskryf, begin in Een Konings, omtrent die. . .Een Konings, omtrent 16. Isébel was nie 'n dogter van Abraham nie; en hierdie groep hier oorkant was ook nie, die heiden Rome. Die Nikolaïete was 'n koue, formele klomp Christene wat hulleself geskei het van die ware Christene: "wat skynbaar nie die Geloof gehad het nie." En hulle wou die kerk soos 'n losie maak, dieselfde as wat hulle vandag het; soos 'n losie, glad nie enige Gees daarin nie; "Dae van wonderwerke is verby. Dit was alles vir 'n ander eeu. Ons het 'n broederskap." 'n Goeie Vrymesselaar, Vreemde Lid, of enige so-iets, bring dit voort. En dis alles goed, maar dit sal nooit die plek van die nuwe

geboorte van Jesus Christus neem nie, verlossing van die siel, hierdie Waarheid.

61 Goed, hierdie Isébel. Nou, sy was 'n dogter van Abraham, dis waar, 'n prinses van 'n afgodedienaar. Op daardie tyd, toe die koninklike familie, haar koninklike familie, berug was vir wrede, brutale lojaliteit aan Bileam. Haar vader was 'n priester van die afgod A-s-t-a-r-t-e (Ek weet nie hoe jy dit uitspreek nie, ek het dit net opgetel in die geskiedenis). Agab het sy strategie gebruik soos Konstantyn. Hierdie groot magtige volk het langs Israel gelê, so daarom . . .

62 Wat het Konstantyn gisteraand gedoen? Hy is nie bekeer nie. Hy was 'n politikus. Wat het hy probeer doen? Hy het die Christene geneem, toe hulle vir hom gesê het hulle sal bid . . . (En daar nou, onthou, hy ne- . . . ons praat nou van die Nikolaïet). En hy het gesê as hulle sou bid, en hy sou hierdie stryd wen, dan sou hy—sou hy 'n Christen word. Hy het 'n droom gehad. Sy skilde wit geverf, daardie nag, van die kruis. Waar die Ridders van Columbus gebore is, reg op daardie tyd; nou is dit waar hulle hulle stand ingeneem het. Maar hy het nooit enigiets soos 'n Christen gedoen nie! Op een van die Nikolaïetiese kerke, genoem St. Sofia, het hy 'n kruis gesit. Soos ek gisteraand gesê het, dis die enigste ding wat hy ooit gedoen het wat geklink het asof hy ten gunste van die kerk was, sover ek ooit kon uitvind uit enige bladsye van die geskiedenisse; en baie ander geleerdes sê dieselfde ding. Ons weet niks van sy bekering, nou nie. Maar waarin het hy ingegaan? Die ding wat hy wou doen, hy het die meeste van Rome gesien, nou.

63 Nou kyk hierna, hou hierdie strategie dop. En kyk hoe die Bybel dit bevestig, God, honderde en honderde jare voor dit plaasgevind het. En Konstantyn het dieselfde strategie gebruik, God het hier gesê, wat Agab gebruik het.

64 Nou, Konstantyn het gesien 'n groot deel van sy mense was hierdie Nikolaïete, Christene. Party van hulle is "ketters" genoem, dis die Pinksters; hulle was "ketters en holy-rollers," en wat nog. Daar's waar jou ware tekens en wonders gelê het. Maar die kerk *natuurlik* het toe opgekom na die organisasie. Wat het hy gedoen? Konstantyn het 'n slim rol gespeel. Hy gaan soontoe en kry sy heidense vriende, en kry sy Christen-vriende, en verenig die kerke, stel op 'n—'n . . . heidendom in Christendom ingebring. Christendom en heidendom getroud in die Pérgamus kerk.

65 Nou, wat het Hy hier oorkant aan hierdie gesê vanaand? Dieselfde ding wat Agab gedoen het. Agab, om sy koninkryk te versterk, het met Isébel getrou, hierdie afgodedienaar; om sy koninkryk te versterk, om Israel sterker te maak.

66 En dis wat die kerke probeer. Julle sien waar hulle 'n Bybel probeer maak, dit volgende jaar in '62 uit te hê? Dat dit 'n Bybel is wat die Jode sal behaag, dit sal die Katolieke behaag, en die

Protestante behaag. O, broer! Ek het die koerantuitknipsel. Ek het dit nie by my vanaand nie, julle het egter my dit nou die aand hoor lees. Daar het julle dit, julle sien.

67 O, daardie dinge om te probeer vermeerder! Hulle neem God se heilige dinge en gooi hulle weg, om te vermeerder en getalle te laat toeneem. Dis wat die kerk gedoen het. Dit het mense daarin aanvaar op die grondslag van hande skud, en het afvalliges gekry en al dies meer, onbekeerde mense. Maar in die ware Liggaam van Christus, wat nie 'n organisasie is nie, maar die mistieke—mitiese Liggaam van Christus, jy kan net daar inkom onder een manier, en dis deur die doop van die Heilige Gees. Reg! En dieselfde tekens wat daardie apostels getref het, tref die Kerk. Dis presies reg!

68 Nou, ons hoef nie toe te gee en te sê: "Wel, ons sal gaan aansluit by die Gemeentes. Ons sal gaan aansluit by die Eenheid. Ons sal aansluit by *hierdie*, of die Baptis, of Metodis," nie. Laat ons aansluit by Christus! Bly vry van hierdie dinge. Want elkeen van daardie denominasies is goed, maar hulle—hulle kry hulle doktrines en hulle dinge, en jy moet gaan kyk of die algemene opsiener jou sal laat inkom in daardie streek en 'n diens hou. As jy nie net presies leer soos hulle nie, gooi jou uit, jy kan nie by die Bybel bly nie. God kan dit nie doen nie, Hy haat dit. Enige ander wedergebore Christen sal ook. Baie van daardie mense daarbuite is absoluut. . . wil doen, wil dien, en wil gemeenskap hou. Maar jy kan dit nie doen nie, hulle sal jou uitskop. Wel, laat hulle jou uitskop, gaan voort, kry in elk geval die Heilige Gees. Dis presies reg. Maar, julle sien, hulle—hulle wil daardie—daardie leerstellings hê. Hulle wil jou kry waar jy baie geld het. Die Baptiste het 'n slagspreuk gehad in '44: "Nog 'n miljoen in '44." Wat het hulle gekry?

69 Net soos die groot evangelis Billy Graham gesê het, toe hy in Louisville was: "Ek gaan in 'n stad in . . . " Gesê: "Paulus sou in 'n stad ingaan, hy sou een bekeerling maak; terugkom die volgende jaar, sou hy—hy dertig van daardie een af hê; agter-agter-agter-agter-agter-kleinkinders, vanaf daardie een bekering." Hy het gesê: "Ek sal in 'n stad ingaan, dertigduisend oproep, ek sal volgende jaar teruggaan en kan nie dertig kry nie." En wat hy gesê het, hy—hy het 'n goeie stelling gemaak, maar tog glo ek nie ons kosbare broer was reg nie. Hy het gesê: "Julle lui predikers." Gesê: "Ek sal vir julle hulle name en adresse gee, julle sit met julle voete op die lessenaar en skryf vir hulle 'n brief in plaas van om te gaan, met hulle praat."

70 Ek—ek het hom soort van bewonder daarvoor. Ek hou daarvan dat 'n man moet wees wat hy is, nie 'n skynheilige nie; staan reguit uit en wees wat jy is. En ek hou daarvan. Maar ek sou graag wou sê: "Billy, wie was daarbo om daardie bekeerling te neem wat Paulus gehad het? Wat dit was, Billy, as jy net sal ophou dat hulle daar agtertoe gaan en handskud, en wakker word, en

sê: 'Ja, ek aanvaar Jesus as my persoonlike Saligmaker,' en laat hom daar bly totdat hy sterf en verrot, en wedergebore is uit die Heilige Gees, sal hy nuwe bekeerlinge maak."

71 Broer, jy's . . . hy blom van die vuur, jy kan hom nie uitdoof nie. Hy's soos 'n brandende huis in 'n sterk wind, jy kan dit net nie doen nie. O, hy versprei oral, broer, 'n ware bekeerling van Christus, hy kan nie stilsit nie. Hy's net . . . hy's aan die gang. O, ek's so bly! O, goeiste! Outydse doop van die Heilige Gees, wat jou siel aan die brand steek! Kan nie stilstaan nie, wind wat jou aanblaas, die magtige rukwind sal jou net aanhou blaas. Wel, ek hou net aan om dit die hout te voer, en bly voortgaan. Ja, meneer! Niemand kan Paulus se bekeerling neem nie, Paulus het hulle diep genoeg geneem in Christus in, totdat hy gesterf het vir homself, en lewendig was in Christus, en hy het die *res* daarvan gedoen. Dis reg! Dis wat dit is.

72 Baptiste broers is gaaf. Maar nog 'n miljoen, wat help dit? Jy het nog 'n miljoen name. Wel, gaan sit net en maak 'n paar op as jy hulle daarop wil sit. Dis alles reg, maar, broer, wat ons wil hê, is name op die Lam se Boek van die Lewe, geslag vanaf die grondlegging van die wêreld, gewas in die Bloed, gevul met die Heilige Gees, tekens en wonders wat jou volg.

73 Deursoek die geskiedenis. Ek wens julle wil almal die Niceense Rade en daardie goed lees, om te sien hoe daardie martelare daardie vlam van pinkster vasgehou het. Ek sê jou nou, broer, julle Baptiste, Metodiste, en wat julle ook al is, die ware egte Lig . . . dis nie die Pinksterorganisasie, nou nie; maar die ware, egte Lig, is die Pinkster Ondervinding. Onder . . . Ek was nou dae en dae, daardie geskiedenisse, oral in hulle gegrawe wat ek kon vind, en dis daardie vlam van pinkster wat lewendig gebly het van Pinkster af tot op hierdie tyd. Ja, meneer! Word verstoot.

74 Party van hulle sê: "Wel, die groot Katolieke kerk het die golwe trotseer. Wel, dit bewys dat sy die ware Kerk is." Wel, dis glad nie vreemd vir my, met die staat en alles agter haar, dat sy kon bestaan nie. Maar wat die—wat vreemd is, is daardie klein groepie wat weggetrek is, daardie klein minderheid, uitgeskop, in die tronk gegooi, in stukke gesaag. Hoe het hulle ooit bestaan? Omdat die Gees van die lewende God in hulle wese beweeg. En al die demone van die hel kan nie standhou Daarteen nie! "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." Daar's die regte ding. Dis wat die Heilige Gees vir hierdie Metodiste predikers gee, ensovoorts, hier. Sien, dit laat hulle opstaan, doen iets aan jou. Dit sal nooit faal nie.

75 Agab, daardie skynheilige. Sien, hy gaan soontoe, hy sê: "Nou, as ek net nou kan konsolideer, en hierdie groot volk kry. En as ek met daardie ou kêrel daaronder se dogter trou, wel,

dit . . . sal ons—ons vriende wees.” Wat het hy gedoen? Sy einste geboortereg verkoop.

76 Nou, wanneer hierdie Protestante kerk *wel* teruggaan en verenig met die Katolieke kerk, sal dit dieselfde ding doen wat dit destyds daar gedoen het. Agab het in die dag gewoon wat . . .

77 Dit was drie keer. Hy was in die middernag ondervinding van die reis van Israel, en *hier* het dit weer by middernag gekom, en ons het weer *hier* by die middernag gekom. Drie geslagte voor hierdie; *hier* ingegaan, *hier* in, en *hier* in.

78 Nou, as julle sal oplet, Agab het met Isébel getrou om sy volk te versterk. Dis presies wat Konstantyn gedoen het. Hy het ’n yslike groot kerk opgestel, en hy het die altaar geneem en ’n groot marmer gemaak, hierdie man aangetrek, pous, hom daarbo geplaas. Hy was ’n lewende god, hy kon met hulle praat, en—en vir haar van hulle sondes vertel, en dit het net daardie ou louwarm kerk behaag, en daar het hulle gegaan. Sekerlik! Dis reg! Wel, maar dit het nie daardie man behaag wat wedergebore was, wanneer hulle daardie neem en heidense seremonies inbring van gebede opsê nie. Wat het hulle gedoen? Hulle het Jupiter afgehaal, en Petrus opgesit. Hulle het Venus afgehaal, en Maria opgesit. En dit het gebring—dit het heidendom in die Christengeledere ingebring.

79 En toe Agab met Isébel getrou het, het hy presies dieselfde ding gedoen. Hy het afgodediens in Israel ingebring. En wat het Isébel gedoen? Sy het elke profeet doodgemaak wat sy in die hande kon kry. Is dit reg? So het die pouse ook. Elke ware Christen wat hulle in die hande kon kry, hulle het hulle doodgemaak.

80 Maar daar was ’n ster van daardie tydperk, ou Elía! O, ja, meneer! Hy was nie bang, om hulle daarvan te vertel nie. Ja, meneer! Hy was God se ster van *daardie* tydperk. Gekom by eenkeer wat hy gesê het: “Here, ek’s die enigste een wat oor is.”

81 God het gesê: “Nou, wag ’n bietjie, wag ’n bietjie, wag ’n bietjie, Elía.” Uh-huh. “Ek het al klaar sewehonderd rondom versteek, daarbinne. Sien? Jy weet nie waar hulle is nie. Hulle is daarbuite, die Fariseërs, Sadduseërs, Baptiste, Metodiste, en Presbiteriane, maar Ek sal—Ek sal hulle daar uitkry, wag jy net. Sien? Ek het hulle daarbuite. Daar’s . . . hulle is—hulle is—hulle is Myne, en hulle buig nog nie die knie voor Baäl nie.” Maar ou Elía was die Stem van God in daardie dag. Hy was sekerlik die einste tipe van die Stem van God by die eerste koms van Christus, en dit sal weer die tipe van die Stem in die tweede koms van Christus wees, volgens die Skrifte.

82 Nou, ons vind uit dat hierdie klein Isébel, toe sy daar oorkant gekom het, sou sy regtig al die altare van God afbreek en haar eie altare oprig. En sy het Israeliete voor ’n afgod laat buig. Dis presies wat Konstantyn gedoen het, toe hy die Katolieke

kerk gevorm het. Hy het heidendom oorgebring in die—die Christenkerk in, en het Christene laat buig voor afgode. Dis weer presies die donkereeu; donkereeu van Israel, donkereeu van—van die kerk; buig voor afgode. En Elía was die ster in sy dag.

83 En het die hele Israel Baäl laat aanbid, en so het die Katolieke kerk ook, by Thiatíre.

84 Nou, ek wil hê julle moet nog iets treffends hier oplet, ek het my geskiedenis hier gekry. Jesus het gesê dat sy was . . . haarself 'n profetes genoem het. "Daardie vrou Isébel, wat haarself noem (haarself noem) 'n profetes." Nou, julle sien, die Katolieke kerk laat nie hulle mense toe om die Bybel te lees nie, omdat hulle sê dat die priester die enigste een is wat die Woord Goddelik kan uitlê.

85 Wel, dis die ware vertolking van 'n profeet. 'n Profeet het die Goddelike uitleg van God se Woord. Dis presies reg. Hoe 'n persoon een, iemand "'n profeet" kan noem en dan sê: "hulle het die verkeerde openbaring"? Dis net soveel sin weer soos Ewige seunskap, julle sien. Sien? Sien, dis—dis die . . . 'n *Profeet* beteken "die korrekte uitlêer, die een waarnatoe die Woord van die Here kom, die openbaring het na hom toe gekom." Die woord *profeet* beteken "'n uitlêer van die Goddelike Woord." Jesus het gesê: "As daar een onder julle is wat geestelik of 'n profeet is, sal Ek, die Here, met hom praat. En as wat hy sê plaasvind, luister dan na hom, Ek is met hom. As dit nie plaasvind nie, moet dan nie na hom luister nie." Dis al. Dit was die—dit was die Goddelike Woord van God, en die Woord van die Here het na die profete toe gekom.

86 Nou, hulle het gesê dat hierdie *kerk* dan "'n profeet" was. Onthou nou, dit het verander vanaf hierdie Nikolaïete nou, dit het verander oorkant na 'n "*haar*." Sien julle dit? 'n "Isébel." Nou, gisteraand was "die leer van Bileam." Sien: "leer van die Nikolaïete," en "leer van Bileam."

87 Nou, Bileam was die een wat hoerery gepleeg het met Israel. En wat het die—die—die Nikolaïete gedoen? Die organisasie gemaak. So sit hulle altwee bymekaar en jy het 'n *haar*, "kerk." Sekerlik! Openbaring 17: "Die groot hoer wat op baie waters sit." Vrou, prostituut. Wat is sy, of hoe is sy 'n prostituut? Sy pleeg ontugtigheid, geestelike ontugtigheid, deur die Woord verkeerd voor te stel aan die mense. Kom weg van daardie fanatisme! Dis regte fanatisme. Dis reg.

88 Nou, sien, sy noem haarself 'n profetes: "Ons is die een! Ons is die raad! Ons is weer hierdie Laodicése raad, die raad van manne, en ons het *hierdie*, en *hierdie* en *so* besluit. So luister julle na ons!" Maar . . .

89 Daardie—daardie klein priestertjie hierbo, wat 'n onderhoud wou voer met my oor Elisabeth Frazier, of daardie Frazier meisie. Gesê: "Die—die kardinaal wil weet of jy sal . . . of die

biskop, of jy hierdie Frazier meisie gedoop het." Gesê: "Sy word nou 'n Katoliek."

Ek het gesê: "Ja, ek het so verstaan."

Gesê: "Het—het jy haar gedoop?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Gesê: "Hoe het jy haar gedoop?"

Ek het gesê: "In Christendoop." Uh-huh.

Hy het gesê: "Wel, wat bedoel jy daarmee?"

Ek het gesê: "Christendoop, soos die Bybel sê. Daar is net een manier om te doop in Christendoop. Elke persoon in die Bybel is onderdompel onder die water, in die Naam van 'Jesus Christus.'"

90 Hy het neergeskryf, begin neerskryf soos daardie. Gesê: "Jy weet, die Katolieke kerk het dit altyd gedoen."

Ek het gesê: "Wanneer?" Ek het gesê: "Ek het al die antieke geskiedenisse hier, wat ek in die hande kon kry, van London en al die res." Sodat ek kon studeer wanneer hierdie uur binnekort sou aanbreek, wanneer iets sou gebeur. Hmm. Ek het gesê: "Ek—ek wil weet waar." Ek sou gaan . . .

Hy het gesê: "O," het hy gesê: "in die Bybel."

Ek het gesê: "Wil jy sê dat . . . ?"

Hy het gesê: "Jesus het die Katolieke kerk organiseer."

Ek het gesê: "Was Petrus dan die eerste pous?"

Gesê: "Baie beslis."

Ek het gesê: "Ek het gedink 'die kerk was onfeilbaar en het nie verander nie, en al die misdienste is in Latyn gesê, sodat dit nie kan verander nie.'"

Hy het gesê: "Dis waar."

91 Ek het gesê: "Wel, julle het beslis baie veranderinge gemaak van daardie tyd af." Ek het gesê: "As daardie Bybel 'n Katolieke boek is, dan is ek 'n outydse Katoliek." Sien? Dis reg. Ek het gesê: "Dan is ek 'n outydse Katoliek." En ek het gesê: "Dit het sekerlik gehad . . . "

Hy het gesê: "Wel, nou, jy sien, die Bybel is net die geskiedenis van die Katolieke kerk." Hy het gesê: "God is in Sy kerk."

Ek het gesê: "God is in Sy Woord." Dis reg.

92 "Laat My Woord waar wees, en elke ander mens se woord 'n leuen." En hier oor hierdie Boek van Openbaring is die enigste Boek (Laat ek dit herhaal.) waarop Jesus Sy goedkeuring geplaas het. En die eerste ding wat Hy gedoen het, was om Sy Godheid te openbaar, en Hy doen dit volledig. En gesê: "Enigiemand wat enigiets Daaruit sal wegneem of enigiets Daarby sal voeg, dieselfde (sy deel) sal weggeneem word uit die Boek van die

Lewe. Geseënd is hy wat lees, of hy wat hoor. En vervloek is hy wat een ding Daarby sal voeg of enigiets Daaruit sou wegneem." Daar het julle dit, so julle sien die gevaarlike deel. So, moet nooit enigiets Daarby voeg nie; los Dit net soos Dit is, en gaan net voort.

93 Die Gees sal Dit aan jou openbaar as jy net nederig sal wees, Hom vra. Sien? Dis reg. Nou, so Dis nie gekompliseerd nie. God. . . Jesus het die Vader gedank vir. . . gesê: "Ek dank U, Vader, dat U hierdie dinge verberg het vir die oë van die rabbi's, en die biskoppe, en die kardinale, die algemene opsieners, en—en Dit geopenbaar het aan kindertjies wat wil leer." Sien?

94 Dis wat jy wil hê. Dis 'n openbaring van God wat net kan kom soos Hy daar gesê het: "Wie sê die mense wie is Ek?"

Hy het gesê: "U is die Christus, die Seun van die Lewende God."

95 Hy het gesê: "Simon, jy het dit nooit in 'n kweekskool geleer nie. Sien? Niemand het dit ooit vir jou vertel nie. Dit het gekom, was 'n openbaring uit die Hemel. En op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk sal Dit nie oorweldig nie."

96 Dis presies die openbaring wat Abel gehad het in die begin. Dis die openbaring; was toe, dis steeds die openbaring, en dit sal altyd die openbaring wees. Dis reg.

97 Nou, ons vind hier uit dat sy nou 'n vrou was, en 'n *vrou* verteenwoordig 'n "kerk." (Is dit reg? Christus kom vir 'n wat? Bruid, 'n vrou, rein maagd.) En die ou vrou hier, sy het haarself bestempel as die Kerk van God; maar, wat sy was, sy was bedek met rykdom en pêrel, en alles, en het 'n beker van die vuilheid van haar ontugtigheid gehad, waarmee sy al die konings van die aarde dronk gemaak het van die wyn daarvan. Is dit reg?

98 Nou, ons vind haar hier dat sy "Isébel" genoem is. En Isébel, die boosheid wat Isébel gedoen het, sodra sy 'n houvas gekry het onder daardie Israeliete, het sy hulle doodgemaak en alles gedoen wat sy kon, en—en haar eie altare opgebou. Is dit reg? Dis presies wat die Katolieke kerk gedoen het. Dis presies. Maar nou, kom ons lees net 'n bietjie verder. Dit gaan julle vertraag. Partykeer word jy vertraag, dan eet jy nog 'n bietjie.

> . . . *wat haarself 'n profetes noem*, (Nou, as sy sê: "Ek's die enigste uitlêer van die Woord.") en leer *en my diensknegte verlei om te hoereer, . . . afgodsoffers te eet.*

99 Daardie broer wat gevra het oor "die slang," oor "die vrugte eet in die tuin van Eden." Jy sien wat dit is (Sien jy nie?) toe Hy gesê het: "eet," hier. Wat dit was, was geestelik, julle sien. En die. . . en. . .

> *En Ek het haar tyd gegee om van haar hoerery—hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.*

*Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed,*. . .(Watter soort bed? Van wêreldsheid. Dis presies wat sy vandag is.) . . .*en dié wat met haar owerspel bedryf, in* die *groot verdrukking, as hulle hulle nie van hulle werke bekeer nie.* (Dit gaan in die Groot Verdrukking in.)

*En*. . .*kinders sal Ek sekerlik doodmaak,*. . .

100 Sjoe! Haar wat? Hierdie ou vrou het 'n paar kinders gehad. Nou Openbaring 17. Hoeveel van julle. . .? Almal van julle was gisteraand hier, veronderstel ek. Goed. Openbaring 17, hierdie ou prostituut, Katolieke kerk, is 'n "hoer" genoem, en sy was 'n "moeder van hoere." Kon nie seuns gewees het nie, hulle was *kerke*.

101 Nou waarvandaan het die Lutherse kerk gekom, waarvandaan het al hierdie gekom? Waarvandaan het elke organisasie gekom? Waar is die begin daarvan, Laodicéa? Nikolaïete het uiteindelik daarin gevorm; dis weer presies dieselfde ding. Jy kan dit nie help nie, broer. O, Elía het uitgeroep teen die ding in sy dag. Johannes het daarteen uitgeroep in sy dag. Ja, meneer! Moenie dink dat julle by julleself sê: "Ons het Abraham as ons vader nie: want ek sê God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig." Sien? Kan net nie verhelp word nie.

102 Nou, sy het kinders gehad. Het die regte Isébel kinders gehad? Ja, meneer! Luister:

. . .Ek sal *haar kinders doodmaak*. . .

103 Wat? Die Katolieke kerk, haar kinders is die Protestantse denominasie. Sien, is presies, want hulle doen dieselfde ding. Reg in haar ingedoop deur hulle fratsdoop, onskriftuurlike doop; handskud vir die Heilige Gees; "Vader, Seun, en Heilige Gees" in plaas van die "Jesus Christus." En net alles teenstrydig doen met die Bybel. Steeds! En hulle loop reguit daarin.

104 Haar dogter is Atália genoem, A-t-á-l-i-a. Sy het gehad haar. . .Sy, Isébel, het Atália laat trou met Jehóram, die seun van die koning van Juda, en gou het die altare van Baäl in Jerusalem gestaan. Nou, julle hoef nie na die geskiedenis toe te gaan daarvoor nie, dis Bybel. Sien? Haar dogter, Atália, het met Jósafat se seun getrou, wat Jehóram was. En haar dogters het dieselfde ding gedoen wat sy gedoen het.

105 O, goeiste! Kan julle dit nie sien nie? Sien wat daardie organisasies gedoen het, broers? Hulle het reguit teruggekom deur Luther en hulle, net presies, en hulleself saam georganiseer in plaas van om die Heilige Gees toe te laat. En Pinkster het presies dieselfde ding gedoen. Hulle kon net nie die Heilige Gees laat voortgaan en maak soos Hy wou, en voortgaan nie; en elke lig wat gekom het, dit net ondersoek met die Woord, en aangaan nie. Hulle kon nie die Heilige Gees laat lei nie, hulle moes 'n organisasie maak en afsny van al die res wat sou aankom. Reguit

teruggegaan en weer in die ding ingetrou! Net presies. Wanneer ons by daardie tydperk kom, hou julle net dop wat vir julle wag langs die pad hier. Sien? Weer reguit terug ingetrou! Jesus het hier gesê: "Haar . . . Hierdie Isébel, sy noem haarself 'n 'profetes,' en Ek sal haar op 'n bed van wêreldsheid werp, en haar kinders ook doodmaak," (Nou, watter soort . . . ?) "met 'n dood."

106 Wat is . . . met watter soort dood moet haar kinders daar doodgemaak word? Julle sien hulle is nou dood! Geestelik dood! Hulle het geen openbaring nie! Hulle ken hulle organisasie, hulle ken hulle kategisme, hulle ken hulle leer van die kerk; maar wanneer dit kom by God ken, weet sommige van hulle niks meer Daarvan as wat 'n hottentot sou weet van 'n Egiptiese nag nie; dis reg, wanneer dit regtig kom by die Heilige Gees ken. Wonder; noem Dit . . . wil die Gees van God 'n "waarsêer" noem, of 'n "duiwel," of . . . deur geeste te onderskei, en sulke dinge, en boosheid uit te dryf. "Wel, hy behoort nie aan ons organisasie nie. Daardie groep, o, brrroo." Sien, hulle weet net nie. En dan 'n —'n naam Daaraan heg van "Jesus Only," of een of ander "holy-roller," of—of een of ander so-iets. Weet net nie!

107 En die uur is op hande wanneer daardie ding ontbloot gaan word. Dis presies. God sal dit doen, so seker as wat ek agter hierdie preekstoel staan, want Hy sal Sy kinders uitruk, so seker as wat ek net hier staan. God in die Hemel weet dit. Julle glo ek is 'n profeet van die Here, 'n dienaar van die Here, luister julle na my. Sy's op hande. Ja, meneer.

108 "Haar kinders sal doodgemaak word met geestelike dood." Kyk na hulle: koud en formeel. Kyk na die . . . kyk na ons . . . Ons hoef nie te praat van Baptiste en Presbiteriane nie, ons weet hulle is al vir jare dood. Wat . . .

109 Toe Luther sy herlewing gehad het, regverdigmaking, as hy sou . . . As hy sou voortgegaan het, sou hierdie—hierdie groot Pinksterbeweging nou die Lutherse kerk gewees het. Die Lig sou gekom het deur heiligmaking, as Wesley ingevolg het. Hy . . . Luther kon dit nie volg nie. Nee, meneer, hulle is alreeds Lutherane.

110 So, toe het Wesley gekom. Na Wesley gesterf het, wat het toe gebeur? Hulle het dit georganiseer, en Wesleyaanse Metodis gemaak, Primitiewe Wes- . . . o, allerhande Metodiste. Sien? En toe . . . Het 'n groot herlewing gehad, maar toe hulle die organisasie ingegooi het, wat het gebeur toe Pinkster gekom het en in tale gepraat het en die herstel van die gawes gebring het? Hulle kon nie beweeg nie; hulle duiwels genoem.

111 Nou wat het die Pinkster gedoen? Dieselfde ding wat hulle het! En waar is hulle? Net so dood soos 'n mossie. Ja, meneer! Dis presies. "Ek sal haar kinders op 'n bed werp van—op 'n bed van die dood, en hulle doodmaak." Wel, laat—laat ek dit lees sodat julle hier sal sien, ek glo dit was die 22ste vers:

En *Ek werp haar op 'n siekbed, en dié wat met haar owerspel bedryf, in* die *groot verdrukking,* (die—die Groot Verdrukking) . . .

112 Dis wat deurgaan. Nou onthou, laat ek hier stop net 'n oomblik, daardie Groot Verdrukking is daardie—daardie wat daar gaan ingooi, is daardie mense wat die slapende maagde is, wat nie olie in hulle lampe gehad het nie; tog het hulle aan 'n organisasie behoort, goeie mense, kerk toe gegaan, alles; maar hulle het gekom vir olie, maar was te laat toe. Sien, haar in Groot Verdrukking gewerp, sy sal daar ingaan, die Katolieke kerk gaan in, al haar kinders gaan saam met haar in, in die Groot Verdrukking.

*. . . as hulle nie van hulle werke bekeer nie.*

113 Nie—nie die kinders wat daarin is nie; maar die kerk self, dis haar kinders (is die organisasie), nie die mense wat daarin is nie, soos arme Katolieke, Baptiste, Presbiteriane, of Pinksters. Ek voel jammer vir hulle. Net: "Wel, ek . . . "

"Is jy 'n Christen?"

"Wel, ek's Presbiteriaans." O!

114 Dis niks meer Daarmee te doen as om te sê "'n vark met 'n sysaal op, is 'n resiesperd," nie. So, wat op aarde kan jy daaraan doen? Wel, net mooi niks. Ek het dit nie grapperig bedoel nie, dis . . . hierdie is geen . . . nie 'n plek vir grappe nie, hierdie is—hierdie is die Evangelie. Sien? Ek wou net 'n illustrasie gee. Sien, maar dis—dis reg. Sien, dit het niks—niks meer Daarmee te doen as niks nie.

"Ek's Pinkster."

115 Dit het niks meer Daarmee te doen as niks nie. Jy kan aan veertig-elf van hulle organisasies behoort, maar is jy 'n wedergebore kind van God? Regtig, het jy almal met jou hele hart lief, met jou siel, en jy het God lief, en jou daaglikse . . . maak nie saak wat enigiemand aan jou doen nie? As jy opstaan en sê: "Humm!" soos 'n kragsaag, wys dit net die Heilige Gees het vertrek, as jy Dit ooit gehad het.

116 Kyk:

*. . . as* sy *nie van* daardie *werke bekeer nie.*

*En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak*, . . .

117 "Haar kinders," Isébel s'n. Nou, wat het Isébel gedoen? Haar dogter in die ander geledere laat introu (van Juda) daar oorkant, oorkant in Juda in. Nou, hou die geestelike toepassing dop. Miskien kan ek dit uitteken. Hier, hou dit nou baie goed dop:

118 *Hier's* Isébel, en Israel. Maar *hier* is Juda, 'n ander soort hier oorkant, op 'n ander een; hierdie is Jósafat hier oorkant. Goed. Nou, hierdie *hier* was Agab; nou hier's Isébel reg *hier*binne.

Nou, kom sy *hier*in en veroorsaak dat die hele Israel in afgodediens verval.

119 Dis presies wat Katolieke kerk destyds in haar dae gedoen het, toe Konstantyn die Nikolaïete (die koue formeles *hier*bo in) verenig het met die—met die—die kerk en met heidendom, en 'n heidense vorm van Christendom gemaak het. Ek wil nie julle gevoelens seermaak nie, Katolieke mense, maar ek is verantwoordelik voor God. Dis al wat die Katolieke kerk is, is 'n heidense vorm van Christendom: bygelowe, en afgode, en al dies meer. Dis presies reg, net 'n heidense vorm. Nou, dis waar. As ek sterf op hierdie minuut, is dit die waarheid. En die Protestante reg in dieselfde ding, net in 'n ander kategorie.

120 Nou kyk wat het Isébel gedoen. Dan, julle sien, die—die duiwel. . .Sy was so oorgegee, sy het haar dogters geneem. Sy het 'n dogter gehad wat *hier* gebore is, en hierdie dogter gaan *hier*natoe na hierdie heilige man en neem en trou met sy seun; en bring dieselfde ding oor *hier*in van Jósafat af, oor na hierdie deel toe.

121 Nou, die ware Nikolaïete, die Nikolaïete, die koue formeles wat daardie organisasie wou hê, hulle het *hier* in dit ingetrou. En nou, let op, dieselfde ding. Hulle het Isébel *hier* geneem (die Katolieke kerk), en *hier*onder neem sy haar dogter (haar organisasie) en trou dit reg in hulle in daaronder, en doen dieselfde ding aan hulle. "Haar kinders doodmaak," geestelike dood. Organiseer hulleself tot die dood toe, en die eerste waarvan jy weet, is die hele Gees weg.

122 Sê my. Laat ek net vir julle een ding vra, enige geskiedkundige hier, wat ek weet daar's vyf of ses van julle wat hier sit. Ek wil hê julle moet kom en vir my een Skrif bring of—of een teks van—van geskiedenis, dat een van daardie kerke, wat ooit geval het en teruggegaan het in die organisasie in, ooit weer opgestaan het met 'n herlewing. Sê my. Toe hulle hulleself georganiseer het, het hulle ooit weer 'n herlewing gehad nadat hulle georganiseer het? Nee, meneer! Die Gees het hulle verlaat. Ek sluit Pinkster in.

123 Toe die Pinksterseëninge geval het, en julle almal in tale gepraat het, julle oumense, daardie groot Pinksterseëninge en dinge gehad het, wat geval het. Naderhand het julle gehad, wat julle genoem het, die Algemene Raad. Organisme is goed, maar nie organisasie nie. Eerste waarvan jy weet, kon julle dit nie uithou nie, julle moes reguit teruggaan en word "'n kind van die. . .Satan," en julleself organiseer.

124 En toe het nog 'n Lig aangekom, oor die Naam van Jesus Christus. Toe het hulle baie verwaand geraak, en gesê: "Prys God, as jy nie Jesus se Naam het nie, gaan jy hel toe. En ons het Dit, en julle het Dit nie." Wat het julle gedoen? Net reg daar in hulle spore gesterf; 'n organisasie daarvan gemaak. Sien? In

plaas van die Lig net te laat deurvloei deur die kerk, sou dit outomaties sy plek inneem. Maar julle organiseer julleself. Wat is dit? ’n Kind van Isébel. En hulle het almal saam gesterf.

125 Nou wil ek vir julle iets vra. Het die Gemeentes van God, of die Eenheid, of—of enige van die res van hulle, ooit opgestaan in ’n groot gesamentlike herlewing? Glad nie! Hierdie laaste herlewing wat verby is, waar die Heilige Gees afgekom het op die rivier (baie van julle wat net nou hier sit) in 1933, en hierdie groot genesingsdiens sou plaasvind, gesê: “Dit sou die wêreld oor trek,” en dit het glad nie deur enige verskillende organisasie gekom nie. God het buitekant die geledere gegaan en ’n heiden opgerig, amper, om daardie herlewing te begin. En kyk wat het Dit gedoen! Sien?

126 Daardie organisasies, sodra hulle organiseer, is hulle dood. Hy het gesê: “Ek sal haar kinders doodmaak.” O, goeiste! Ek weet julle . . . Moet asseblief nie sleg voel teenoor my nie, maar ek . . . As ek Hierdie weet en Dit nie vertel nie, is ek ’n lae skynheilige, en God sal my verantwoordelik hou Daarvoor. Ek wil soos Paulus wees: “Om nie na te laat om die hele raad van God te verkondig nie.” Dis reg. Goed. Goed.

127 Nou, en hulle het altare gebou in Jerusalem. Nou ek wil sien . . . En toe Isébel met Agab getrou het, het sy beelde gebring vir Israel om voor neer te buig. So ook het die Nikolaïetiese leer, deur in heiden in te trou; Jupiter afgehaal, Petrus opgesit; en Venus, na Maria; en soos die Bybel gesê het: “Sy het die hele Israel laat sondig.”

128 So het die Katolieke kerk al die dogters laat trou in die organisasie in, en die hele ding is sonde, soos Isébel met haar dogter. Goed. En deur dit te doen, toe die hiërargie opgestel is, en Pous Boniface—Boniface III sy sitplek ingeneem het, en hulle ’n—’n god gehad het op ’n troon, het hulle geen nut meer gehad vir die Heilige Gees doop in die kerk nie. Dis reg. Hulle het hulle geloofsbelydenisse en formele gekry, en aangegaan.

129 En toe die organisasie dieselfde leerstellinge aanvaar het, het hulle die vryheid van die Heilige Gees uitgedruk uit die kerk, Baptis, Presbiteriaan, Metodis, ensovoorts. Hulle het beslis! En geleidelik sien ons hulle verdroog en sterf, soos Jesus gesê het, van die wynstok. Nou, die hele Heilige Gees in tekens en wonders, is geplaas in ’n dag wat verby is. En hulle het ryk geword, soos sy het. So sy het die hele wêreld laat sondig, want sy het na elke volk toe gegaan, sy en haar dogters. Dis reg.

130 Nou kyk hoe Hy haar nou in ’n ander kerkeeu roep. Kyk hoe Hy na haar roep. Kyk hoe Hy hier aan die einde pleit, en Sy Oorblyfsel uithaal: “die Uitverkorene se onthalwe,” net ’n paar, dat geen vlees gered sal word as . . . ander nie.

131 Soos dit geskryf is in Openbaring 13:6. Wil julle dit graag kry net ’n oomblik? Dat Hy gesê het Hy . . . dat “Hierdie vrou almal

’n merk laat ontvang het (hierdie dier het), almal ’n merk laat ontvang het (beide arm, groot, wie hulle ook al was), ’n merk van die dier,” wat die Rooms Katolieke Kerk was.

132 Óf dit, óf hulle het ’n beeld gemaak . . . Openbaring 13:14, het hulle ’n beeld vir die dier gemaak. Julle—julle . . . Ek reken julle lees dit almal. As julle nie het nie, wel, ons sal reguit terugblaai en dit lees. Openbaring 13:14:

> *En hy* het *die bewoners verlei van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen;* (Dis hierdie konfederasie van kerk.*)* . . . en *om voor die oë van die dier te doen; deur aan die bewoners van* op *die aarde te sê, dat hulle ’n beeld moet maak vir die dier, wat die* dodelike *wond ontvang het* (heidendom*)* . . . *en* was *deur die swaard gewond, en lewendig geword het* . . . *(*deur pousdom, heidense Rome het pouslike Rome geword. Sien?)

133 “Maak vir haar ’n beeld.” Wat sou dit wees? Net wat hulle net nou doen, net presies, wat opbeweeg in hierdie konfederasie van kerke: “Alle kerke behoort aan hierdie organisasie, almal in een groep ingaan.” Nou kry hulle ’n Bybel. En Pous Johannes het hulle almal teruggenooi. Die aartsbiskop van Kantelberg, almal wat soontoe gaan. Eerste waarvan jy weet, kom die hele ding terug na *Mammie*, want hulle is hoere om mee te begin. Sien? Hulle sê: “Ons sal almal verenig in een groot doel om Kommunisme te beveg.” En weet nie dat God Kommunisme opgerig het (Ek kan dit bewys met hierdie Bybel.) en selfs in hulle denke gesit het om hierdie heiliges te wreek, van die bloed wat hulle op die aarde gestort het nie. God het Kommunisme georganiseer net soos Hy Koning Nebukadnésar het, om—om Israel te kasty. Hy het Kommunisme opgerig, en eendag sal sy Rome reg van die kaart af blaas. [Leë kol op band—Red.] Dis presies. God het so gesê. Dis reg.

Ek’s teen kommunisme; dis anti-God. Dit is beslis. Maar julle moenie soveel aandag gee aan daardie Ystergordyn nie, maar hou daardie purpergordyn dop. Lees die *Foxe se Boek van Martelare* en julle sal hierdie sien, dis reg.

134 Nou laat ons sien waar ons . . . En dan sien julle nou hier dat sy almal (ryk, arm) ’n merk laat kry het; maar daar’s een klas wat sy nie kon aanraak nie. Weet julle dit? Openbaring 13: . . . 8.

135 Luister hierna. Laat ek hierdie lees:

> *En ek het ’n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings,* . . . *op sy horings* . . . *krone en op* die *koppe ’n naam van godslastering.* (Dis die sewe heuwels; ons het dit gisteraand geneem, julle weet.)
>
> *En die dier wat* jy *gesien het, was soos ’n luiperd,* . . . *pote soos—soos* die *beer, en sy bek* . . . *die bek van ’n leeu; en die draak (*Wat die rooi duiwel was wat voor die vrou

gestaan het om haar kind te verslind, wat Rome was, wat ons almal weet.*)*. . . en *het hom . . . krag gegee en sy troon en groot mag.*

*En ek het een van sy koppe gesien en of dit dodelik gewond was,* (heidendom, sien). . . *en sy dodelike wond is genees. (*pousdom wat sy plek geneem het, verbind met Christendom, met die Nikolaïete). . . *En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan.*

136 Katolisisme het in elke nasie ingegaan onder die hemel. Dis reg. Soos Daniël gesê het van die yster wat in die klei ingaan, ensovoorts.

137 En ek sal julle 'n ietsie gee daarop, daardie "yster en klei." Het julle opgelet, of het ek dit ooit vir julle aangehaal, in daardie laaste groot konferensie wat hulle hierbo gehad het, waar Khrushchev sy skoen uitgetrek het en die tafel daarmee geslaan het? Daar was vyf oosterse nasies daar bymekaar, daar was vyf westerse nasies. Khrushchev het die oosterse nasies gelei, Eisenhower het die westerse nasies gelei; daar's die twee hoofleiers, die twee groot tone. *Khrushchev*, in Russies, beteken "klei." *Eisenhower*, in Ameri-. . . in Engels, beteken "yster." Ons is aan die einde.

*En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en*. . . (Dis ons volgende boodskap hier by die tabernakel, julle verstaan.). . . *en hulle het die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk?* En *wie kan teen hom oorlog voer?*

138 Met ander woorde, kyk hier. Eisenhower het—het 'n groot naam hier in hierdie Verenigde State, maar in Rome is hy niks; Rusland, is hy niks. Khrushchev is groot in Rusland, maar in die Verenigde State is hy niks. Maar daar's een man wat groot is oral, dis daardie pous (Dis reg.) "Laat ons onsself saam organiseer, en bymekaar kom."

*En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde*. . . godslastering te sê,. . . *aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen.*

*En hy het sy mond oopgemaak* en God gelaster, (en "leringe te leer wat die gebooie van mense is; roekeloos, verwaand, liefhebbers van genot; wat 'n gedaante van godsaligheid besit, maar die Krag daarvan verloën"). . . en *sy Naam* gelaster, ("Vader, Seun en Heilige Gees" geneem in plaas van die "Here Jeus Christus." Sien.). . . *en sy tabernakel en dié wat in die*. . . *in—in die hemel* gewoon het.

*Dit was ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges*, (daar kom die verdrukking wat opkom). . . *en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam*. . . *taal en nasie.*

*En al die bewoners van die aarde—aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam, wat geslag is, geskrywe is nie*. (O, o, o, o, o, o, o.)

139 "Grondlegging van die wêreld." Ons name, as hulle ooit op die Boek was, is destyds daar opgesit. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader Hom nie eers trek nie, en almal wat die Vader My *gegee het* sal na My toe kom. My skape hoor My Stem," (Hierdie is die Kos, sien.) "en 'n vreemdeling . . . "

140 Dan kan hy sê: "Wel, ek het net by die kerk aangesluit, ek's net so goed soos jy." Dit is nie Skaapkos nie.

141 *Hier's* Skaapkos: "Saam sit in Hemelse plekke in Christus." O, Hy's so wonderlik! Is Hy nie? Goed.

142 Nou laat ons sommer gou klaarmaak want dis, ja, dis nou oor die tyd. Goed. "Maar ek sê . . . " Laat ons nou sien, ek het die 23ste vers gekry:

*En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.*

*En Ek sê vir julle en* aan *die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie*, . . . (Watter soort leer was dit? Organisasie, biskoppe, en aartsbiskoppe, en pouse, sien.)

143 "Wat hierdie leer nie het nie." Nou, die Bybel, ons het gisteraand uitgevind dat Israel, wat deur Moab gekom het, hulle nie 'n nasie was nie. Hulle het op die aarde gewoon, en hulle was 'n volk, vry. Is dit reg? 'n Tipe; rondreisigers, in tente ensovoorts. Die pinkstergroepe net so, die ware pinkster, gereis van plek tot plek. Sien? Goed.

. . . *en hierdie leer nie het nie* (maar hulleself organiseer, en 'n groot organisasie daaruit maak) . . . wat *nie hierdie* . . . *en dié wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie*: . . .

144 Onthou nou, ons het uitgevind waar Satan se troon was. Gisteraand het ons hom reg teruggeneem na die begin. Waar was sy troon aan die begin? Babilon. En Babilon . . . Toe die—die hiërargie, 'n koning-priester van Babilon, agtervolg is deur die verowerende Chaldeërs, het hy Pérgamus toe gekom en sy troon gemaak. Sien, sy troon geskuif vanaf die land van Sinar bo na Pérgamus. Ons het dit so pas gelees in die geskiedenisse gisteraand. En nou het hy nou daar begin, die Katolieke kerk gevorm, wat steeds moeder Babilon is. Goed: "Die troon van Satan."

. . . en die *troon van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal* geen ander las op julle lê nie.

145 "Daar sal geen ander las wees nie; net wat julle alreeds het." Hierdie klein minderheid wat daarin is, sien, wat heeltemal uitgedruk is in hierdie Donkereeu. Nou dis amper vyftienhonderd jaar wat daardeur gegaan het.

> *Maar hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.* (Met ander woorde: "Julle het steeds die Pinksterseëning in julle harte. Hou vas daaraan totdat Ek kom om julle verligting te gee, want hierdie volgende tydperk kom net op in die volgende tyd.")
>
> *. . .hom wat oorwin, en My* woorde *tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee.*
>
> *en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf;* en *soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.*

146 Julle sien, daardie Kerk, wat sal dit wees wanneer die Donkereeu Kerk opstaan om te staan in die oordeel teen daardie heidense klomp. . .destyds daar? Sal hulle verbrysel word! Daardie kopervoete sal reg daardeur trap, sê ek julle! "Hy sal hulle stukkend breek," het die Bybel gesê.

> *En Ek sal hom die môrester gee.* (Julle weet wat dit is, nie waar nie? *Christus* is die "Môrester." Goed.)
>
> *Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*

147 O, goeiste! Is julle nie bly nie! Dis net 'n bietjie laat. Ek het nog meer, ek sal dit môre-aand optel, van hierdie van die tweeduidend jaar daar.

> Maar Hy's die Lelie van die Dale,
> Die Helder en Môrester,
> Hy's die skoonste van tienduisend vir my siel;
> Lelie van die Dale, in Hom alleen sien ek,
> Al my behoefte. . .en bevredig my geheel.
> In droefheid's Hy my trooster, in nood is Hy my steun,
> Hy sê my elke las op Hom te rol. Halleluja!
> Hy's die Lelie van die Dale, die Blink en Môrester,
> Hy's die skoonste van tienduisend vir my siel.

148 Het julle Hom lief? O, ek net:

> Ek het Hom lief, ek. . .(Nou laat ons Hom nou aanbid, al daardie snydende Woorde en Boodskap.)
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota se boom.

149 Is Hy nie wonderlik nie! Ek het Hom lief. Nou, die dinge wat ek nie by uitgekom het nie, sal in die boeke wees, natuurlik, want

ons kan nie die hele kerktydperk in een aand bring nie. Ek het dit soort van 'n bietjie stiller gemaak vanaand, omdat ek 'n klein bietjie hees is. Maar, o, is Hy nie wonderlik nie! O! Hmm!

Daar is mense amper oral nou,
Met harte aan die brand,
Met die vuur geval op Pinkster,
Wat hul skoon en rein kan maak;
O, dit brand nou hier diep in my hart,
O, ere sy Sy Naam!
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

O, een van hul, ek's een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul,
  Halleluja!
Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul. (Is
  julle bly?)

150 Ek onthou oppad van Chattanooga af een aand; en die vliegtuig moes land in—in—in Tennessee, daaronder by Memphis. Hulle het my gehuisves in daardie groot, mooi hotel daar. En my gebel, gesê: "Die vliegtuig sal opstyg om—om sewe-uur, volgende oggend."

151 En ek het pos geneem om in die posbus te gooi; oppad huis toe, teruggeskryf vir paar van my vriende. En terwyl ek gaan, het die Heilige Gees gesê: "Hou aan stap." Ek het net aangegaan, in die gekleurde distrik beland.

152 Ek het daar gestaan, ek het gedink: "Goeiste! Kyk hier, dis tyd vir daardie vliegtuig om te vertrek."

153 En die Heilige Gees het bly sê: "Hou aan stap." Net soos Hy het in die woude nou die dag daaronder, julle weet. "Hou net aan stap." So, ek het aanhou stap.

154 Ek het net daar ver onder gekyk, in een van daardie klein gekleurde huisies waar die gekleurde mense gewoon het, arm, daaronder. 'n Ou *Tante Jamima*, tipies, met 'n seunshemp om haar kop geknoop, wat leun oor die . . . soos daardie.

155 En ek het daar gestap en gesing:

Ek's . . . van hul, ek's een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul, O,
  Halleluja! ("En wat wil U hê, Here?")
Een van hul, ek's een van hul, (Glo julle in gelei
  word deur die Gees? Ja, sekerlik.)
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

156 Dis nou omtrent veertien jaar gelede. Sy het oor die heining gekyk. Ek was omtrent, o, 'n halwe stadsblok van haar af, en ek het hierdie ou, gekleurde dame gesien wat reguit na my kyk, julle weet. Wel, ek het net aangehou, ophou sing, begin naderstap. Ek

het naby aan haar gekom, yslike groot trane op daardie groot vet wange; sy kyk na my, gesê: "Goeie môre, Eerwaarde!"

157 Omgedraai, ek het gesê: "Aangename kennis, Tante?" En sy het gesê. . . Ek het omgedraai, sy het gelag, het 'n groot glimlag op haar gesig gehad. Ek het gesê: "Hoe het jy geweet ek was 'n eerwaarde?" Onder in die Suide, julle weet is 'n *prediker* 'n "eerwaarde." Gesê. . . Ek het gesê: "Hoe het jy geweet ek was 'n prediker?"

Sy het gesê: "Ek het geweet jy kom!"

En ek het gesê: "Hoe het jy dit geweet? Ken jy my?"

Sy het gesê: "Nee, meneer." En sy het gesê: "Ek het geweet jy kom." Gesê: "Het jy ooit die storie gehoor van die Sunamitiese vrou?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

158 En sy het gesê: "Wel," het sy gesê: "ek was daardie soort vrou." Sy het gesê: "En die Here het vir my 'n baba gegee, en ek het haar gesê. . . vir Hom gesê dat ek hom sou grootmaak." Gesê: "Ek's 'n arm vrou. Ek was en werk vir die witmense vir 'n lewe." Sy het gesê: "En Hy het vir my gesê dat Hy—Hy my die baba sou gee, en ek het vir Hom gesê ek sal hom grootmaak." Gesê: "Ek het hom grootgemaak na die beste van my wete, maar" gesê: "Eerwaarde, hy het onder die verkeerde geselskap verval. Hy het 'n siekte gekry, en ons het niks daarvan geweet nie." Gesê: "Hy het dit in die gevorderde stadium. En hy is sterwende, daarbinne op die bed." Gesê: "Hy is nou al twee dae bewusteloos." Gesê: "Die dokterman het gekom en gesê: 'Dit het klaar sy hart opgeëet ensovoorts, in sy bloedstroom ingegaan, so erg dat dit hom beskadig het; sodat die goed wat hulle hom gegee het hom nie nou sou help nie.'" En gesê: "Hy's sterwende." En gesê: "Ek kan net nie verduur dat hy sterf, 'n sondaar nie." En gesê: "Ek het gebid en ek het gebid," gesê: "heelnag lank het ek gebid." Gesê: "Hy's bewusteloos, hy weet niks nie." Gesê: "Hy het nie vir twee dae nie."

159 Gesê: "Ek het gebid, ek het gesê: 'Here, U het vir my daardie baba gegee,' en gesê: 'soos U vir die Sunamitiese vrou het.' Gesê: 'Waar is U Elía? Waar is. . .?' Gesê: 'Wel, waar—waar is iets om my te help?'"

160 En gesê: "Ek het op my knieë aan die slaap geraak." En sy het gesê: "Die Here het met my gepraat, in my droom," en sy het gesê: "'Gaan uit en staan by die hek. En daar sal 'n man in die straat afkom, wat 'n klein, bruin hoedjie dra en 'n donker pak.' Hy het gesê: 'Hy sal met jou praat.'"

161 En sy het gesê: "Ek het hier gestaan van voordag af." En haar rug was nat van die dou. En sy het gesê: "En ek het jou sien kom in daardie bruin hoed," hy het gesê: "maar jy was veronderstel om 'n bruin sakkie te dra."

162 Ek het gesê: "Ek het dit in die hotel gelos." Sien? En ek het gesê: "Is jou seun siek?"

Gesê: "Hy's sterwende."

Ek het gesê: "My naam is Branham." Ek het gesê: "Ken jy my?"

Sy het gesê: "Nee, meneer, eerwaarde Branham, ek—ek het nog nooit van jou gehoor nie."

Ek het gesê: "Ek bid vir die siekes." Sy was nie daarin geïnteresseerd nie. Sy wou nie hê haar seun moet sterf, 'n sondaar nie.

163 Ek het ingestap; hulle het 'n ou hek daar gehad met 'n ploegskaar wat daaraan hang om dit oop te swaai (miskien sal julle Noordelikes nie weet wat dit is nie), maar, om die hek toe te hou. En ek het in die huis ingestap, 'n baie klein, ou twee-vertrekkie (gelyk soos 'n. . . wat ons noem 'n klein "haelgeweer huisie") soort van, wat daar sit; daar is 'n kamer *hier*, en dis die woonvertrek, slaapkamer, en alles tesaam, en die kombuis *daar*agter. Toe ek ingestap het. . . Dit was 'n klein witgeverfde plekkie, en mooi, skoongemaak aan die kante, en waterslagplanke. So toe. . . Nee, ek glo sy het teerpapier bo-op die dak gehad, ek onthou dat ek daardie groot borrels gesien het, soos van die dou, wat bo-aan dit hang.

164 Toe, toe ek ingestap het, was daar 'n bordjie wat oor daardie deur gehang het, gesê het: "God Seën Ons Huis." Reg hier in die hoek was 'n ou bed hier oorkant, en een hier oorkant. Daar het 'n groot kêrel gelê (nie 'n mat op die vloer nie), yslike groot seun, yslike groot aantreklike kêrel wat daar gestaan het. Ek reken hy was 'n. . . 'n honderd-en-sewentig of tagtig pond geweeg, omtrent ses-voet. En hy het 'n kombers in sy hand gehad en gegaan: "Uhm. Uhm."

165 En sy het gesê: "Mama se babatjie."

166 En ek het gedink: "'Mamma se babatjie.'" En tog het hy 'n—het hy 'n sosiale siekte gehad, sifilis. En hy—hy was sterwende.

167 En sy het hom op die voorkop gesoen, en hom gestreel soos daardie, gesê: "Mamma se babatjie."

168 Wel, my hart het net geswel. Ek het gedink: "Ja, maak nie saak hoe diep jy in die sonde is nie, jy's steeds haar babatjie." Toe het ek gedink: "Sien, maak nie saak hoe erg dit met hom gaan nie, dis steeds 'Mamma se babatjie.'" En ek het gedink: "God het gesê: ''n Ma mag haar suigeling vergeet; maar Ek kan jou nie vergeet nie, want jou naam is gegraveer op die palms van My hand.'" Sien? Hoe kan dit wees!

169 Ek het gekyk na daardie arme ou heilige wat daar rondgeloop het. Jy kon sê, broer, sy het niks in die huis gehad nie; maar sy het iets in die huis gehad wat elke huis in Indiana of enige ander plek daarin behoort te hê; dis God. Ek sal liewer dit hê, as om

’n groot mooi huis te hê met prikkelpoppe, en al hierdie vulgêre, vreeslike goed. Ou Bybel wat daar lê waar Dit oopgemaak is, ou bladsye gekreukel Daarin.

170 Ek het na haar gekyk. En sy het gesê: “Die Eerwaarde het kom bid vir jou, skat.”

171 Hy gaan: “Uhm. Uhm. Donker. Uhm.”

172 En ek het gesê: “Wat sê hy?”

Sy het gesê: “Hy weet nie. Die dokterman sê: ‘Hy’s van sy verstand af.’” Gesê: “Hy dink hy is buite op ’n groot see iewers, en hy roei ’n boot, en hy’s verlore.” En gesê: “Dis wat ek nie kan verduur nie, Eerwaarde: om te weet my babatjie sterf, verlore.” En sy het gesê: “Ek weet jy het my kom help, want die Here het dit klaar vir my gesê.”

Ek het gesê: “Ek sal vir hom bid,” en ek het gesê: “miskien sal die Here hom genees.”

173 Sy was nie geïnteresseerd daarin nie, sy wou net hê hy moet opstaan en sê dat hy ‘gered’ was. Dis al, net solank hy gered was. Maak nie saak nie, hy moes in elk geval gaan, so, een of ander tyd; solank hy gered was! O, as ons net daardie gesindheid kan kry! Daardie Ewige Tuiste oorkant, sy het geweet sy sal dan weer saam met hom woon.

Gesê: “As ek hom net kon hoor sê hy was ‘gered.’”

Ek het gesê: “Laat ons neerbuig.” En sy het gekniel. En ek het net sy voete beetgekry, en sy voete was baie koud en taai. En ek kon nie die deken oor hom trek nie, ’n klein—’n klein dun kombersie wat sy daar oor hom gehad het; en het net sy broek aangehad, julle weet.

174 En so hy. . .En hy het dit teruggetrek soos daardie, net gedink hy was daarin. Hy het dit gegryp, en gedink hy roei met roeispane. Hy het aanhou sê: “Dis so donker. Uhm. Uhm. Dis so donker.” So, toe het sy met hom probeer praat; en hy het net aanhou sê: “Dis so donker en koud,” net getrek.

175 Toe het ek—ek ’n bietjie na haar gekyk, en sy het daar neergekniel, en ek het gesê: “Tante, sal jy ons lei in gebed?”

Sy het gesê: “Ja, meneer.”

176 Net sy, en ek, en die seun, en die Heilige Gees in die kamer, is al. Daardie ou heilige het gebid. Goeiste! Toe sy met Hom gepraat het, het jy geweet sy het al voorheen met Hom gepraat. Ja, meneer! Sy het geweet met wie sy gepraat het. Sy het gesê: “Here, ek weet nie wat U gaan doen nie,” het sy gesê: “maar alles is net soos wat U dit gesê het.”

177 O, goeiste! O! Ek’s so bly, ek’s so bly Hy’s steeds dieselfde Jesus wat daar terug saam met daardie heiliges was destyds daarin. Hy’s steeds dieselfde Jesus vandag.

178 En ek het haar nooit gevra oor haar godsdiens nie, of sy Baptis, Pinkster, of wat was nie. Dit was nie my besigheid nie. Ek het—ek het net die Heilige Gees gevolg, en sy het dieselfde ding gedoen. Ons wou sien wat Hy sou doen.

179 So ons het gekniel, en sy het begin bid. Toe sy klaar gebid het, het sy opgestaan en sy kop gesoen, gesê: "God, seën my babatjie."

180 En toe het sy gesê: "Sal jy nou bid, Eerwaarde?"

181 En ek het gesê: "Ja, mevrou." En net toe was dit omtrent half nege, miskien kwart voor nege, en ek was binne . . . twee myl van die plek af, en—en die vliegtuig wat sewe-uur vertrek; en nie geweet wanneer ek sou uitkom nie.

182 So ek het my hande oorkant op sy voete gesit, ek het gesê: "Hemelse Vader, ek verstaan dit nie. En U . . . Ek—ek was veronderstel om 'n vliegtuig te haal 'n rukkie gelede, amper 'n uur-en-'n-half gelede. U het net aanhou sê: 'Stap,' en dit is die enigste ding wat ek nog gevind het. En sy het gesê dat U . . . sy my sien kom het. As dit—as dit U was, Here, dan weet ek nie wat om te doen behalwe net my hande oorkant op die seun te lê nie."

183 Hy het gesê: "O, mamma," gesê: "dit word nou lig hierbinne." En omtrent vyf minute van toe af, het hy regop gesit aan die kant van die bed, met sy arms om sy moeder.

184 Ek het uitgeglip, daar afgehardloop en 'n huurmotor gekry, en gehardloop na die hotel om my tas te kry. En ek het gedink ek sal net soontoe gaan en net wag, sou miskien 'n dag of twee moes wag in daardie dae. Julle weet hoe moeilik dit was, net na die oorlog daar, om 'n vliegtuig te kry, so ek het gedink: "Ek sal 'n paar dae moet wag."

185 En ek het in die huurmotor geklim en daar uitgegaan, lughawe toe. Net toe ek daar kom, het hulle gesê: "Vlug nommer 196 na Louisville, Kentucky, vertrek nou." God het daardie vliegtuig op die grond gehou vir my, soos daardie. O, ek glo dit!

186 Omtrent twee jaar later, het ek afgegaan met die trein, oorgegaan na Arizona, na Broer Sharrit hulle, daar na 'n byeenkoms toe. En so moes ek aansluit by Broer Moore en hulle. En so, toe ek soontoe gegaan het, het ek daar by Memphis gestop. En die trein het ingekom, as julle almal weet hoe dit inkom oppad na die weste soos hierdie, en dan agtertoe gaan en die draaitafel vat en afskakel.

187 En daardie toebroodjies op die trein, hulle wil omtrent sestig sent elk hê vir hulle. En ek kan hulle koop vir tien, vyftien sent, julle weet, buite op 'n ander plek. En ek het net gewag tot die trein gestop het, om vir my 'n paar toebroodjies te kry. Ek sou vir my 'n fri- . . . sak vol frikkadelbroodjies kry, en regtig 'n fees hê oppad soontoe. So, ek het uitgespring en vinnig daardeur gehardloop, om 'n frikkadelbroodjie stalletjie te kry; rondgekyk, sy sou omtrent dertig minute daar oorstaan.

188 En so het ek—ek begin om vir my 'n paar frikkadelbroodjies te kry, en ek het iemand hoor sê: "Hallo, daar, Eerwaarde!" En ek het omgekyk, 'n klien rooi petjie, wat daar gestaan het en sy oë geknip het, julle weet, gesê: "Ken my nie, ken jy?"

"Glo nie so nie, seun."

Soontoe gekom, gesê: "Kyk goed na my!"

En ek het gesê: "Ja?" Ek het gesê: "Ek glo nie ek ken jou nie."

Hy het gesê: "Ek ken jou!" Gesê: "Jy's Eerwaarde Branham!"

En ek het gesê: "Ja, dis reg." Ek het gesê: "Was jy ooit in een van my dienste?"

Gesê: "Nee, meneer!" Gesê: "Onthou jy daardie oggend wat jy afgekom het na die huis en my mamma was w- . . . ?"

"O!" het ek gesê: "Jy's nie hy nie!"

Gesê: "Ja, ek is! Ja, ek is!" Hy het gesê: "Eerwaarde," gesê: "ek is genees, sterk, en gesond. En nie net dit nie, maar ek is nou 'n Christen!"

189 Prys die Here! O!

Hul was vergader in die bovertrek,
In gebed daar in Sy Naam,
Hul's gedoop met die Heil'ge Gees,
En krag vir diens het gekom;
Nou wat Hy vir hulle doen dié dag
Sal Hy vir jou ook doen, (Is julle nie bly nie?)
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Een van hul, een van hul
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul,
  Halleluja!
Een van hul, ek's een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Hulle het nie groot geleerdhede en dinge nie:

So, hierdie mense is miskien nie slim,
Of spog met aardse roem,
Hul almal het hul Pinkster nou,
Gedoop in Jesus' Naam;
En verkondig nou, so wyd en syd,
Sy krag is nog steeds hier,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Een van hul, ek's een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul,
  Halleluja!
Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Kom, my broeder, soek dié seëning
Maak jou hart van sonde vry,
Dit laat nou die vreugdeklokke lui
En laat jou siel so aan die brand;
O, dit brand nou hier diep in my hart,
O, ere sy Sy Naam,
Ek's so bly dat ek . . .

Skud nou hand met iemand voor, agter, en langsaan:

O, een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul, Halleluja!
Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Een van hul, een van hul,
Ek's so bly . . . ? . . .
. . . een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Ek's een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul, Halleluja!
Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

190 Wat's hierdie outydse godsdiens? Dit het destyds *hier* begin, en sy drup die heelpad deur met die Bloed van Jesus Christus. O, goeiste! O, hoe bly is ek vir die Evangelie! O! O, ja, meneer!

Dit drup van die bloed, ja, dit drup van die bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie, dit drup van die bloed,
Die bloed van dissipels (martelare, regdeur), wat sterf om Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie, dit drup van die bloed.

Nou, watter soort Evangelie is Dit? Soos Dit begin het by Pinkster, sien.

Die eerste te sterf vir die Heilige Gees plan,
Was Johannes die Doper (Sien, hy het ontvang, in sy moederskoot, julle weet.) . . . sterf soos 'n man;
Toe kom die Here Jesus, hulle kruisig vir Hom,
Hy preek dat die Gees sou bevry van sonde.

Bly drup van die bloed, ja, drup van die bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie, dit drup van die bloed,

Die bloed van dissipels wat sterf om Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie, dit drup van die bloed.

Jy kon Dit nie organiseer nie! Huh-uh!

Daar's Petrus en Paulus, en Johannes van God,
Hulle gee hulle lewens vir die Evangelie se lot;
Hulle meng hulle bloed, met die profete van ouds,
Sodat die ware Woord van God eerlik kan bly.

Bly drup van die bloed, ja, drup van die bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie, dit drup van die bloed,
Die bloed van dissipels wat sterf om Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie, bly drup van die bloed.

Daar's siele onder die altaar, wat roep: "Hoe lank?"
Voor die Here daardie verkeerdes sal straf;
Maar daar gaan meer wees wat hulle bloed sal moet stort
Vir hierdie Heilige Gees Evangelie en sy rooi vloed.

Bly drup van die bloed, ja, dit drup van die bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie, dit drup van die bloed,
Die bloed van dissipels wat sterf om Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie, dit drup van die bloed.

191 Nou, vanaf die tyd van Pinkster, en die martelare van Pinkster, af in die kerk van Éfese, af in Pérgamus in, af in Thiatíre in, oor in—in die Sardis, in die Éfesiese . . . of die Filadelfiese, en verder af in die Loadicése in. En nou wat ons . . . het hieronder gebeur? Soos die Bybel gesê het, alles het ingekom, en hierdie dier sou opstaan in die Verenigde State.

192 Onthou julle die visoen wat hier gelees is, 1933? Ek het gegaan . . . Die kerk was nog nie eers gebou nie. Het nie geweet wat 'n visioen was nie, dit 'n "beswyming" genoem. Ek was net 'n jong Baptiste prediker, en ons was . . .

193 My hele lewe lank het ek daardie visioene gesien, en ek sal enigiemand laat opstaan en sê of een van hulle al ooit gefaal het. Nee, het nog nooit! Dit kan nie! Sien? Dit sal nie!

194 En nou, en terwyl ek die Sondagskool begin het, het ek in 'n beswyming ingegaan. Ons het dit hier oorkant by die ou Vrymesselaarshuis gehad, Charlie Kern se plek, klein groepie van ons. En ek het hierdie President Roosevelt die wêreld na

’n wêreldoorlog sien lei. Voorspel! Ek het gesê: “En daar’s drie ismes: die Nazi, en die Fasis, en die Kommunis.” Ek het gesê . . . (Hoeveel hierbinne onthou?) ek het gesê: “Hou julle oë op Kommunisme, dit sal alles opeindig daarin.” Ek het gesê: “Ethiopië, Mussolini sal na Ethiopië toe gaan, maar hy sal misluk.” En ek het gesê: “Ons sal op die ou end oorlog maak met Duitsland, maar,” ek het gesê: “Duitsland sal verskans wees, in ’n groot klomp beton.” Elf jaar voor die Maginot Linie gebou is, elf jaar.

195 Ek het gesê: “Dan, na die oorlog . . . Ons sal dit uiteindelik wen. En na die oorlog verby is, sal dit gebeur dat die wetenskap groot dinge sal uitvind.” En ek het gesê: “Wanneer hulle dit doen, sal hulle ’n outomobiel maak, en outomobiele sal die heeltyd gevorm word.” (Julle weet hoe hulle gelyk het in ’33.) Nou toe, gesê: “Hulle sal soos eiers word, lyk soos eiers. Want ek het gesien op ’n hoofweg, ’n groot meesterhoofweg, ’n motor wat in die pad afgaan wat geen stuurwiel daarin gehad het nie. Dit is beheer deur ’n krag.” Hulle het dit net nou.

196 Ek het gesê: “Gedurende daardie tyd . . . Nou laat hulle vroue toe om te stem; en vroue, deur te stem, sal uitendelik . . . ” Ek het gesê: “Hierdie volk is ’n vrou se volk, dis gemerk as ’n vrou. Dis ’n vrou regdeur profesie, oral; en nommer dertien oral in profesie.” En ek het gesê: “Dis ’n vrou se land, sy het haar vryhede hier. En sy sal dit ruïneer, sy is die vernietiging van die wêreld.”

197 (En Roy, en het jou briewe daaroor, daardie groot vrou wat . . . “Elke misdaadgeval . . . Ons het . . . Ek het dit nou ondersoek tot: elke misdaadgeval wat ooit gepleeg is in hierdie Verenigde State, was daar ’n vrou agter dit.” Dis presies reg. Dis onsedelike vroue, julle sien, en goed.)

198 Nou, so toe het ek gesê: “Daar sal in daardie tyd wees, gedurende daardie tyd, sal die vroue toegelaat word om te stem, en hulle sal die verkeerde persoon verkies.” Hulle het dit gedoen in hierdie laaste verkiesing. Dis reg. “Wat die vesting sal vestig. Gedurende daardie tyd sal dit gebeur dat—dat daar ’n groot vrou sal opstaan in die Verenigde State, sy sal pragtig aangetrek wees,” en ek het in hakies: “(miskien die Katolieke kerk).” Sien? “Wat die mag sal oorneem, die res sal oorwin in die Verenigde State. Sy sal mooi wees om na te kyk, maar sy sal so wreedaardig wees as wat sy kan wees.”

199 Ek het gesê: “Toe het ek weer gekyk, en ek het die Verenigde State gesien wat net stukkend geskiet is. Daar was net niks daarvan oor nie.”

200 En ek het toe voorspel. “Nou, hierdie, dit was SO SPREEK DIE HERE.”

201 En dink! Van vyf van daardie sewe voorspellings, het alreeds gebeur.

202 Die kerk wat ’n houvas sou kry, die Katolieke kerk. En die koms van die endtyd.

203 En ek het gesê: “Ek het gesien, gelyk of daar stompe was wat gebrand het; rotse, uitgeblaas; en die hele Verenigde State het net kaal gelyk, so gelê soos daardie, so ver as wat ek kon sien waar ek gestaan het.”

204 En ek het gesê: “Ek voorspel, volgens hoe die tyd beweeg, sal dit êrens tussen hierdie jaar ’33 en ’77 wees.” En dit sal baie hard moet druk om daardeur te kom.

205 En ons sit op ’n kruitvat, vriende. Alles is gereed.

206 O, maar ons kosbare Hemelse Vader Wat belowe het, Wat belowe het! Is dit nie wonderlik om ’n dienaar van Christus te wees nie? Al die dinge wat Hy belowe het! En dink; ons het die voorreg. Hy lewe net hier. Hy’s reg by ons nou, ken elke geheim van elke hart, weet alles van jou af; daardie vuurvlamme wat regdeur ons harte gaan, alles van ons weet, ons liefhet.

207 En is julle nie bly om in daardie minderheidsgroepie te wees, vanaand, wat daardie Geloof behou nie? Want dit was Sy opdrag: “Moenie bevrees wees nie, klein kuddetjie, Julle Vader het ’n welbehae daarin om julle die Koninkryk te gee. En as hierdie werk nie kortgeknip word nie, sal daar geen vlees gered word nie.” Sien, ons is reg aan die endtyd.

208 Die Pinksters word koud, louwarm, uit die mond van God gespuug.

209 Net ’n baie klein groepie hier uitgetrek, net ’n paar, maar daarin sal kom die: “Kyk, die Bruidegom kom!” En wanneer dit gebeur, sal elkeen van hierdie wake, elke waak van hierdie wake, om. . . Onthou, daar’s sewe wake van hulle. En ons is reg in *hierdie* laaste waak. Maar elkeen van daardie maagde destyds *hier*deur, het opgestaan. Amen! O, wat was dit? Dieselfde Heilige Gees.

210 Dan, wanneer die kerk ingegaan het. . . Soos ons Sondagaand geneem het, Josef wat homself moet bekend maak aan Israel, sy broers, hy het sy bruid, alles, weggestuur, en hulle teruggestuur na die paleis. En hy het alleen gestaan by die Jode, en gesê: “Ek’s Josef, julle broer.”

211 Dit reguit oorgeplaas in die Skrif waar hulle gesê het hulle sal ’n dag van rou hou, en elke huis op sy eie sal rou.

212 Hulle het gesê: “Waar het U daardie littekens gekry?”

Gesê: “In die hande van. . . ”

“In U hande?”

Gesê: “In die huis van My vriende.”

213 “Hulle wat Hom deurboor het, sal na Hom kyk.” En daar staan Hy, die Josef.

214 Hy het gesê: "Moenie. . ." Soos Josef gesê het: "Moenie kwaad wees vir julleself nie, want God het dit gedoen om lewe te spaar." Wat? Die Lewe van die Kerk, die Heiden: "Om Sy Naam's ontwil, 'n volk uit die Heidene."

215 O, ons is aan die einde, my broers. Ons is hier! Geseënd sy die Naam van die Here! Laat ons hierdie goeie ou lied sing, as pinksterbroers en susters, saam. Nou, jy sê: "Wel, ek's 'n Baptis." Maar as jy die Pinksterseëning het, is jy pinkster. Uh-huh. Goed. Goed:

> Geseënd is die band wat verbind
> Ons harte in Christen liefde;
> Die gemeenskap van eensgesindheid
> Is soos dié van bo.

216 Nou luister, vriende. As daar enigiemand hier onder ons is, wat, as daar iewers langs die lewenspad, 'n bietjie bitterheid in jou hart ingekom het, (Luister na my!) kry dit nou daar uit. Kry dit, moenie ooit dat niks . . .

['n Suster praat in 'n ander taal. Leë kol op band. 'n Broer gee 'n boodskap—Red.]

Amen.

['n Broer praat in 'n ander taal en gee dan die uitleg—Red.]

Amen. Amen.

217 Here Jesus, ons dank U vir hierdie boodskappe. Dit ontroer ons, Here, in die wete dat ons nie nagelaat het nie, maar die geloof behou het. O, ek bid, God, dat die Gees sal voortgaan om in die kerk te bly. Hou ons na aan mekaar, Vader. Hou ons by U. En wandel onder ons, Here, in hierdie laaste kandelaartydperk waarin ons woon. Wees ons Lig. Skyn oor ons, hierdie groot tye van duisternis, Here, want ons besef dat *kandelaar* en *sterre* praat van "duisternis." En Here, ons is bly dat ons kinders van Lig is, wat wandel in die Lig van God. Ons is nie aardsgebonde met hierdie dinge van die aarde nie, maar ons is U kinders. Hoe ons U dank vir hierdie dinge.

218 Ons dank U vir die stuur van hierdie boodskappe as bevestiging van U Woord. Mag U altyd onder ons vereer word, Vader. Mag U ons weerhou van alle bitterheid van die aarde. Hou ons rein, dat ons lewens suiwer en skoon en heilig voor U kan wees. Laat die Bloed van Jesus Christus dit doen vir elkeeen van ons, Here. Neem uit ons uit, as daar hoegenaamd enigiets is wat nie reg is nie. Neem dit weg van ons af, Here. Hierdie is die uur van ondersoekende tye.

219 Hierdie byeenkomste is bedoel vir daardie doel om ons harte te ondersoek. U het gesê daardie vuurvlamme van U oë: "ondersoek en ken die niere van die hart." U ken beslis, Vader. En praat terug met ons en sê vir ons om te maak . . . onsself gereed te hou dat die uur aanbreek.

220 O, hoe ons U hiervoor bedank, Vader. Ons sal dit doen met alles wat in ons is, deur U genade. Amen.

221 O, het julle Hom nie lief nie? Nou, as daar 'n vreemdeling onder ons sou wees, dis hoe dit in die begin was. Toe Jesus hier op die aarde was, het Hy gesê, iemand het Hom oor 'n troue en egskeiding saak of iets gevra, Hy het gesê: "Dit was nie so in die begin nie." Moet teruggaan na die begin.

222 Dan, as die begin 'n Pinksterkerk was en Hy die Wynstok is, ons die lote is, elke keer wat daardie Wynstok 'n kerk voortbring, sal dit 'n Pinksterkerk wees, Pinksterloot; dieselfde ding wat dit aan die begin was (Sien?), elke keer. Nou, jy kan ander wynstokke daarop ent en dit sal sy vrugte dra. Jy kan 'n—'n loemoenboom neem en 'n suurlemoen daarop sit, dit sal suurlemoene dra deur van die lemoenlewe af te lewe. Sit 'n pomelo langs dit, en dit sal 'n pomelo dra omdat dit 'n sitrusvrug is.

223 So hierdie organisasies, denominasies en dinge, wat daarbuite staan, Christene noem, hulle kan lewe deur die Christenlewe. Dis presies reg, maar hulle sal denominasionele vrugte dra. Dis reg. Want hulle staan daarbuite soos daardie. Maar as daardie loot ooit self voortbring 'n. . . of as daardie Wynstok ooit 'n loot voortbring, sal dit wees. . . sal dit 'n Boek van Handelinge daarna geskryf word. Dis presies reg. Want dis wat die eerste keer gebeur het. Elke loot wat dit self voortbring sal lemoene hê, elkeen. En die Bybel het gespreek; dit het twaalf lote daaraan.

224 O, ek's so bly om onder daardie loot te lewe, en julle? Ja, meneer. O, dis wonderlik.

225 Goed, onthou nou môre-aand oor die tydperk van Fila-. . . van Sardis. Die. . .?. . . voortkom van die Lutherse organisasie, Martin Luther. . .?. . .

*Die Thiatíriese Kerktydperk* AFR60-1208
(The Thyatirean Church Age)
Die Openbaring Van Jesus Christus reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 8 Desember 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org